JEHOVA-JIREH 3

Dankie Broer Borders.

Julle kan maar sit. Het net bietjie gesels met Broer Harrel, die voorsitter van die byeenkoms, en uitgevind hy's 'n sendeling, en ons het soort van dinge in gemeen. Hy gaan nou terug na die Goue Kus, Afrika. En ek beplan om daar te wees vanjaar. Ons probeer om iets bymekaar te sit om die Goue Kus te besoek nadat ons van Suid-Afrika af kom.

2 Dis waar ons, wat ek dink, een van die grootste byeenkomste, in my dag gehad het, was in Suid-Afrika, waar ons dertigduisend kombers-geklede inboorlinge Christus op een keer sien ontvang het. Amen. Hulle het hulle gevra om hulle afgode op die grond te breek, as hulle dit regtig bedoel het. En hulle het hulle afgode gebreek, soos 'n stofstorm wat opgekom het, en Christus as hulle Verlosser aanvaar, in een byeenkoms. Hulle het 'n goeie opvolg daar gehad, so hulle—hulle het hulle gekry.

3 Maar die grootste altaar-oproep wat ek kan onthou, wat die Here ons gegee het, was in. . . was oorkant in Indië, waar ons omtrent vyfhonderdduisend in een byeenkoms gehad het. En daar kon ons—ons net nie skat nie; net so ver as wat jy kon sien, dit was net oral. En hulle het almal Christus as Verlosser aanvaar, maar nie een ding om mee op te volg nie. So daarom, natuurlik, het die—die Sikhs hulle s'n geneem, die Djaine hulle s'n geneem, ensovoorts. Ek reken meeste van hulle het teruggegaan, nadat hulle die Here iets daar sien doen en voortbring het.

4 My bediening, wat die Here vir my gegee het, is nie te effektief in Amerika nie, net die Pinkstermense. Die meeste van die Amerikaanse kerke is hoogs intellektuele kerke, en hulle glo 'n geloofsbelydenis. En dis waar hulle bly, jy kan hulle nie daarvan afkry nie.

5 Maar as jy 'n inboorling vat en vir hom iets van 'n geloofsbelydenis probeer vertel, hy weet nie eers wat regter- en linkerhand is nie. Wat help dit om vir hom 'n traktaatjie te gee? Hy moet iets *sien*. En wanneer hy dit sien, is hy oortuig. En sy toordokter sien opstaan en dit uitdaag, en die Heilige Gees dit sien verslaan net daar. Ja. Dan wys dit—dit dit, wie God is, en dan handel dit dit af.

En so baie bly om Broer Harrel te ontmoet! Ek was. . . Ons het gepraat van die inboorlinge van Afrika. Hy het gepraat oor een van Broer T. L. Osborn s'n te borg.

6 Baie van julle ken Broer Osborn, reken ek. O, daar is 'n kosbare dienskneg van Christus, Broer Osborn. Hy's een van

my boesemvriende. Ek het beslis 'n diep respek in my hart vir Broer Osborn, so 'n groot sendeling. Aan die . . . Ek glo hy het meer gedoen op die sendingveld as enigiemand op aarde vandag, waarvan ek weet, is—is Broer Osborn. Baie liefdevolle, gawe seun, en ek is beslis baie lief vir Broer en Suster Osborn.

7 Hulle sê vir my dat Mama Arganbright in die diens is vanaand. Kruip jy weg vir my, Mama Arganbright? Ek waardeer beslis julle lekker vrugte. En geen wonder sy's so 'n gawe dametjie nie, sy kom van hierdie deel van die land af. Sy praat altyd van Grass Valley. Hoeveel ken Mnr. en Mev. Arganbright, rondom Grass Valley? Wel, dis goed. Waar is jy, Mama Arganbright? Ek het jou so lanklaas gesien, jy het geglip . . . Daar is sy. Ja. Seën haar hart. Haar huis is my tweede tuiste, wonderlike vrou van net hier in Grass Valley. En sy het altyd 'n behoefte gehad vir hierdie mense. En Moeder Arganbright, as hierdie jou eerste aand hier is, ek was buite in die woude aan die bid vandag, toe jy die vrou en hulle besoek het. Ek is jammer ek was nie daar om jou te kon sien, en jou vriend te ontmoet nie.

8 Maar ek sal sê dat ek iets sien gebeur het onder jou mense hier, wat ek nog nie in enige Amerkaanse stad êrens gesien het nie. Ek het Christene gesien erken dat hulle verkeerd is, teenoor die Woord van God, en staan en vra om genade. Ja. Dit klink vir my of daar 'n herlewing kan uitbreek hierbinne. Dit sou wonderlik wees. Soveel as wat ek rondom die wêreld gepreek het, en veral in Amerika, het ek nog nooit tevore groepe Christene gesien wat, toe die Woord afgebring is, om die Woord te wys, hulle opgestaan het en gesê (bely) het hulle was verkeerd nie. Nie net dit nie, maar predikers saam met hulle. Nou, dis opregtheid. Ek hou daarvan.

9 Suster Arganbright, omdat hulle jou laat opstaan het, gaan ek my vrou in die verleentheid stel. Sy's die skaamste persoon in die wêreld. Maar sy sit hier vanaand. Skat, ek reken jy sal my kry hiervoor, maar ek gaan my vrou vra om op te staan. Die dierbaarste vrou in die hele wêreld, vir my. [Gemeente gee applous—Red.]

10 My meisie, my dogter, my oudste dogter, Rebekah. Nou, skat, ek weet jy's het sonbrand, maar ek wil hê jy moet in elk geval opstaan. Goed, Rebekah. Dis my dogter, Rebekah. [Gemeente gee applous—Red.] Dankie. Dankie.

11 Broer Jewel Rose, hoeveel ken hom? Een aand het hy my vrou na die platvorm toe laat kom waar ek was, na ek alreeds begin het. Sy het amper flou geword. Sy vermy hom net waar ook al sy hom te siene kry. Sy kom uit sy pad uit, want sy's bang hy gaan haar weer na die platvorm toe roep.

12 Ek het haar gesê: "Een aand gaan ek jou laat opstaan en 'n rukkie met ons laat praat."

13 Sy het gesê: "Kry 'n emmer water gereed, want ek gaan flou word."

14 Sy's 'n baie dierbare persoon, my vrou. As daar enige krediet gegee moet word aan die Branham familie, laat dit na haar toe gaan. Sy's die een wat tussen my en die publiek gestaan het. En al die goed wat reg gedoen is, het sy gedoen.

15 Ek hoop dat elke jong man hier, wanneer hy trou, hy 'n vrou sal kry, en dat julle so gelukkig saam sal wees as wat ek en my vrou hierdie laaste twee-en-twintig jaar was, wat ons getroud is.

16 "Hy wat 'n vrou gevind het, het iets goeds gevind." Soos Salomo gesê het: "'n Goeie vrou is 'n juweel in 'n man se kroon. 'n Onregverdige een is water in sy bloed." En sy bloedstroom is sy lewe. So, 'n onregverdige een is die ergste ding wat hy kan kry. En 'n regverdige een is die beste ding wat hy kan kry, buiten verlossing. As God vir 'n man iets beters as 'n vrou kon gee, sou Hy dit vir hom gegee het, want God gee vir Sy kinders net goeie dinge. En Hy het vir hom 'n vrou gegee, en ek is dankbaar daarvoor.

17 En om die vroue te sien, toe ek soort van hard was nou die aand, met die Skrif oor die manier waarop hierdie Pinkstervroue aantrek, hulle hare dra, en aangaan. Julle sê: "Dit maak geen verskil nie." Dit maak beslis!

18 Ek wil vir julle iets vra. Broer Harrel is hier, 'n sendeling.

19 By Durban, Suid-Afrika, waar vroue daar gesit het, so nakend soos wat hulle op die aarde gekom het; nog nooit een draad klere gehad nie, net so klein, omtrent vier-, ses-duim kroon voor hulle. En daar gestaan, net so nakend soos wat hulle was, en op die grond gestaan nadat hierdie wonderbaarlike wonderwerk plaasgevind het by die platvorm. En daar was in daardie groep, was amper tienduisend Mohammedane (op een slag) wat Christus aanvaar het in daardie selfde byeenkoms. En toe daarbinne, toe . . . Hierdie vroue, wat opgestaan het saam met hierdie mans, het Christus aanvaar.

20 En Broer Bosworth het gesê: "Broer Branham, ek dink jy moet weer daardie oproep maak. Ek glo hulle het 'fisiese' genesing bedoel."

21 Ek het gesê, natuurlik, vyftien verskillende vertalers. Hulle weet dit vat . . . Jy moet neerskryf wat jy gesê het, tyd wat hulle . . . Jy sê: "Jesus Christus, die Seun van God, het gekom om sondaars te red." En hierdie een sal gaan "blu, blu, blu, blu," en hierdie een gaan "nic, nic, nic, nic," dis "Jesus Christus, die Seun van God."

22 Julle weet, ek—ek het altyd mense in tale hoor praat, en ek het gedink: "Goeiste, dis kan nie reg wees nie." Maar die Bybel het gesê: "Daar is nie 'n klank sonder 'n betekenis nie." Daar is nie. Toe ek dit gehoor het, party van hulle kloek soos voëls, party

piep soos goggas, en alles. Maar dit het 'n betekenis vir hulle, as elke geluid 'n betekenis was.

23 En toe het dit weer deurgegaan, en ek het gesê: "Wel, laat hulle dan nou, wat regtig weet dis nie 'fisiese' genesing nie, dis Christus as Verlosser aanvaar, 'n Hemel om na toe te gaan, jy in die Seun van God glo, Hom aanvaar as jou persoonlike Verlosser, julle afgode op die grond breek!" En hulle het hulle neergegooi. En ek het gesê: "Net daar nou, steek julle hande op na God, en loof Hom. Hy sal vir julle die Heilige Gees gee!"

24 En terwyl hulle op daardie grond gestaan het, het ek vroue gesien wat poedelnakend was; en sodra Christus hulle getref het, het hulle weggeloop van daardie grond af met hulle hande gevou. En wanneer jy hulle weer gesien het, het hulle klere aangehad.

25 Nou, as Christus 'n heiden (nakend) sal laat besef dat sy verkeerd is, om nakend te wees, en dan vroue wat bely om Christene te wees en elke jaar meer uittrek, kan ek dit nie verstaan nie. Daar's êrens iets verkeerd.

26 'n Rou heiden, wat net daar staan, gebore in hierdie wêreld en nog nooit geweet het sy is nakend nie, sy weet nie sy's nakend nie. Maar laat Christus in haar teenwoordigheid inkom, besef sy sy's nakend, tot so 'n mate dat sy haarself probeer bedek so goed as wat sy kan, deur haar arms te vou en weg te loop. As jy haar dalk twee of drie dae later weer kry, is sy aangetrek.

27 Nou daar is êrens iets verkeerd, en ek is seker dis nie met Christus nie. O, ek dink die Woord is volmaak!

28 Ek hou net van Abraham se reis. En julle? [Gemeente sê: "Amen."—Red.] Ek bly lank daarop, ek hoop ek kom by *Jehova-Jireh* uit vanaand. Ek het die teks geneem, drie of vier aande gelede, en nooit daarby uitgekom nie.

29 Maar een jaar by die huis het ek 'n onderwerp geneem, gepreek oor Job. Wel, omtrent amper 'n jaar, was ek in die Boek van Job, elke Sondag en Woensdag, oor Job. En uiteindelik het ek hom gehad dat hy bo-op die ashoop sit. Ek het hom omtrent drie of vier weke daar gehad. En een—een dierbare suster, met genoeg moed om vir my te skryf, sy het gesê: "Broer Branham, wanneer gaan jy Job ooit van die ashoop afkry?"

30 Wel, ek reken julle wonder wanneer gaan ek Abraham ooit bo kry om Jehova-Jireh te sien.

31 Maar ek het 'n punt gehad. Abraham . . . Of, Job wat daar op die ashoop gesit het, Elíhu wat gepraat het: God wat 'n heilige getoets het. Dit alles ingebring, tot ek by 'n punt gekom het waar ek die doodskoot kon gee, alles gereedgekry. Toe het die Here afgekom in hierdie warrelwind, en weerlig het begin flits, en die donderweer het gebrul. En die Gees van God het op die profeet gekom, hy het op sy voete gebly, gesê: "Ek weet my Verlosser leef;" kyk "Verlosser." "En op die laaste dae sal Hy op die aarde

staan. En selfs nadat die velwurms hierdie liggaam vernietig het, tog sal ek God in my vlees aanskou; Wie ek self sal sien, my oë sal aanskou, en nie 'n ander nie." O, wat 'n les daar! Om dit tuis te bring, het dit 'n tydjie geneem om al die mense in posisie te kry, die Gees net reg, dit dan tuis te bring. En toe was die altaar vol en gevul met mense, wat bely het.

32 Net as jy gelei word deur die Gees, neem net jou tyd totdat jy gefokus is. Jy dit nie doen nie, sal jy te hoog of te laag of te wyd of iets, skiet. Kom ons maak dit in die kol, die Bybel! Ek glo dat God wil hê ons moet fokus op die kol. Die Heilige Gees het gefokus op die apostels, of hulle het gefokus op die Heilige Gees, liewer. En ek glo ons kan dieselfde ding doen, deur dieselfde Woord. Dit het die teiken getref! En as dit dit een keer getref het, in die kol, kan dit dit weer tref! Maar jy moet fokus! Maak seker jou asemhaling, jou aftrek, alles is net reg. Ek skiet teikens; ek weet wat dit is, lê in 'n wedstryd, en 'n geweer wat sal fokus.

33 Eenkeer het ek 'n model vyf-en-sewentig teruggestuur na die Winchester Maatskappy, eendag. En ek kon dit nie laat tref meer as omtrent 'n drie . . . of 'n kwart-duim, op vyftig tree nie. En die Winchester Maatskappy het dit teruggestuur vir my, gesê: "Eerwaarde Branham, daardie geweer is net gemaak vir—vir 'n vyf-skoot groepering, 'n duim op vyf-en-twintig tree." Nou, dit was die maatskappy wat dit gemaak het. Ek het anders geweet. Ek het net nege matspykers, agtermekaar, daarmee ingeskiet, presies op die lyn, op vyftig treë. So ek het geweet dit was gefokus. So ek het net aanhou speel daarmee, en speel daarmee, totdat ek dit weer gekry het om so in te skiet.

34 Nou, dieselfde ding is met die Woord van God. Daardie dinge wat die apostels gedoen het, daardie dinge wat Christus belowe het, ons moet gefokus word op die Woord, met die Gees. As dit dit eenkeer gedoen het, sal dit dit weer doen, want Dis God. En God is die Woord, en Hy kan nie faal nie.

35 As 'n bietjie gewig, 'n geweer 'n bietjie *so* los in die voorarm, 'n bietjie te los of te styf, enigiets wat dit bind, jy kan die gewig van jou vinger op 'n geweer sit, en (dit wat perfek skiet) die gewig van jou vinger sal dit laat afwyk. Jy moet alles perfek hê.

36 Dis hoe jy moet maak met Christelikheid, om die Woord te laat, dit te laat manifesteer en reg optree, jouself met die Woord en met God, dit moet perfek wees, en dan sal dit in die kol wees. Moet wees! So daarom, in prediking, moet jy die Gees net reg voel, dan fokus; daar sal dit gaan, dit sal die teiken tref.

37 Dan die mense van die omstreke, baiekeer sê die mense: "Broer Branham, ek hoor nie van jou byeenkomste nie."

38 Ek het nie uitlate soos die ander broers het nie. Hulle het tydskrifte, hulle het—hulle het radio, televisie. Ek gaan net deur en probeer die Here Jesus verteenwoordig. Die mense sien dit, glo dit, hulle word gesond. God weet dit, dis al wat nodig is. Sien?

Ons doen nie, ons is nie . . . Daar gaan geen geskiedenis geskryf word nie. Moenie daaroor bekommerd wees nie. Daar gaan nie tyd wees vir geskiedenis skryf nie. Ek glo Jesus kom. Dit, ek glo dit. En ek wil vandag leef asof Hy vandag of môre sou kom. Geen groot skole, ensovoorts nie. Waarom doen ons daardie dinge, en preek dan Jesus kom? Wel, ons eie werke getuig teen ons. Dis reg. Jesus kom, laat ons, die kerk, gereedmaak daarvoor! Kom ons maak gereed. O, hoe lief het ek Hom!

39 Laat ons nou ons hoofde buig vir 'n woord van gebed. O, hoe ek hou daarvan om mense te sien wanneer hulle hulle hoofde eerbiediglik buig. Nou kom ons sit net vir 'n tydjie stil, en studeer. Nou wil ons ons tyd vat. Môre is Sondag, die sabbat. Christen-sabbatdag. En ek wil julle nie laat hê by die Sondagskool nie, al wil ons nie hierdie dinge aanjaag nie.

40 Dink nou: "Here, is my begeerte in my hart vanaand volgens U wil?" As dit is, dink jy dan daaraan. Dan as jy daaraan dink, jou begeerte, en dit nagaan met God se program. As dit net reg lyk volgens God se program, dan wil ek hê jy moet jou hand opsteek na God, en sê: "God, onthou my, dit is wat ek nodig het." Dink net baie goed. God seën julle. Goed. Die Here seën julle. Dis goed. Hou net aan om jou hand op te steek. Hy sien almal. Hy weet alles. Dis goed. God seën julle. Amen. Here seën. Dis goed. Hou net aan dink, jou hand opsteek. Nou ek hou elke hand dop soos dit opgaan. Goed. Dis goed.

41 Hemelse Vader, ons kom nou, nader weer in daardie algenoegsame Naam van die Here Jesus, op na die Troon van Genade. Soos die digter gesê het: "Laat my by die Troon van Genade, 'n soete bevryding vind." En, God, hulle harte is belas met iets. En laat hulle nou, by die Troon van Genade, die verligting vind dat God hulle bevry, die groot Geneesheer, en die geloof vir wat hulle nodig het.

42 Het albei my hande op. Ek het behoeftes. Onthou my, Here.

43 Onthou al hierdie mense hier wat hierdie sakdoeke verteenwoordig. O, hoe die getuienisse ingekom het as gevolg van hierdie dinge. Eerbied. Ver buite oor hierdie sandheuwels hier, iewers, siek moeders, vaders, klein babatjies, mense in die hospitaal, ou blinde pappa wat agterin 'n klein kamertjie sit met 'n wit kierie in sy hand, wat wag vir die terugkeer van hierdie sakdoeke. God, wees genadig. Gee, Here, dat op wie hulle ook al gelê word, mag die vyand sy krag en sterkte verloor, mag hulle gaan en genees word. Hier is een hieroor geskryf: "kanker." Laat daardie duiwel hulle loslaat, Here. Mag die Heilige Gees, soos God afkyk deur die Bloed van Sy Eie Seun, wat gesterf het vir hierdie doel, mag die groot sond-offer genoedsaam wees vanaand, en geloof oorvloedig oor hulle vloei, en mag . . . of oorvloediglik, dat hulle hulle genesing mag ontvang. Skenk dit, Here.

44 Seën nou U Woord. Help U dienskneg, salf ons vir die diens. Salf elke hart wat hoor. En ons gaan nou net praat, Vader. Sê U vir ons wat om te sê, en sê vir ons wat om te doen. Ons verwag dat U met ons sal wees in die diens.

45 Dank U vir die mooi liedere vanaand, daardie pragtige gesange. Hierdie jongman hieragter, Broer Heimer, wat pas daardie wonderlike lied gesing het *Die Galileër*. Mag daardie Galilése Vreemdeling nou vanaand instap. Mag ons Sy stem hoor sê aan die bekommerde gemoed, soos Hy het vir die onstuimige water: "Swyg, wees stil." En mag elke bekommerde hart genees word. Ons vra dit in Jesus' Naam. Amen.

> *En* hy *het* die *plek genoem: Jehova-Jireh: soos dit* geskryf *word: Op die berg van die* HERE *sal dit voorsien word.*

46 Nou wil ons begin met hierdie groot karakter. En môre . . . Nou, as die Here wil, gaan ons probeer om by die einde van Abraham te kom vanaand. En môre, miskien 'n teks oor Goddelike genesing.

47 Die Here was goed vir ons hier. Ons het getuienisse gehoor van die dinge wat gebeur het. En so bly! En ons het een aand, 'n volledige gebedsry gehad, of hulle opgeroep. En daar was nie 'n swakke, rystoel, wat ons êrens in die gebou gesien het, wat nie op was, rondgeloop, rondgegaan het nie.

48 En nou het die Heilige Gees elke aand gekom in Sy manjifieke, grootse Teenwoordigheid, en het deur die gehoor gegaan, Homself verklaar, dat Hy hier is. Dan, behoort ons Hom te glo. Sien, Hy wil hê julle moet Hom glo. Die hoogste eer wat jy aan God kan betoon, is om Hom te glo. Jy moet glo. "Hy wat na God toe kom, moet glo dat Hy is." En Hom nou glo!

49 En soos ek Abraham, die reis vat, is net omdat ek geloof probeer bou vir 'n groot klimaks, om die mense te laat sien wie hulle is.

50 Dis die probleem. Ek vind twee klasse mense, soos ek reis. Een van hulle is pinkster, die ander is fundamentalis. Nou, die fundamentaliste weet posisioneel waar hulle is, wat hulle is, maar hulle het nie enige geloof daarby nie. Die pinkster het geloof, maar weet nie wie hulle is nie. Nou, dis net soos 'n man wat geld in die bank het, maar nie weet hoe om 'n tjek uit te skryf nie; en die ander een kan 'n tjek uitskryf, en het nie enige geld in die bank nie. As jy hulle ooit bymekaar kry, sal iets gebeur. Jy ooit pinkstergeloof kry en fundamentele doktrine, as jy ooit kon . . . of óf fundamentele doktrine en pinkster geloof kry, gaan iets gebeur. Dis reg.

51 Nou, hoe graag ek hier wil getuig, toe ek gesien het, 'n Lutherse skool, vierhonderd, die Doop van die Heilige Gees ontvang terwyl ek met hulle daaroor gepraat het. O, goeiste, dit

was 'n wonderlike gesig, om hulle dit te laat weet het. Hulle is nie, omdat hulle Lutherane is, is hulle nie uitgesluit nie.

52 Daar is niks teen die Lutherse, Baptiste, Metodiste, wat jy ook al is, Katoliek nie. Ek is nie teen daardie dinge nie. Ek is nie teen daardie mense nie. Dis die stelsel wat hulle vashou, is waarteen ek praat. Niks teen die individu nie, hulle is almal mense vir wie Christus gesterf het; Katoliek, Jood, wat hy ook al mag wees. Dis die stelsel. Soos die Mohammedaan, Sikhs, Djaine, of wat dit ook al mag wees, dis die stelsel. Boeddha is 'n stelsel, sien. Nie die mense wat—wat Boeddha aanbid nie; dis die stelsel wat hulle wegtrek.

53 Dis dieselfde ding. Jesus was nie teen die mense nie. Hy het gesterf vir hulle. Maar daardie stelsel wat Hom weggehou het, hulle weggehou het van Hom. Dis nou die ding.

54 Nou ek het gedink, deur Abraham te neem, in die wete dat dit aan Abraham was wat die belofte gegee is, en aan Abraham se Saad na hom. Nou kom ons gaan 'n bietjie terug en kry 'n agtergrond, en kom vanaand reguit na die teks toe nou vir 'n rukkie.

55 En gebedskaarte sal vir enigiemand gegee word wat voor gebid wil word. En ons, as julle hulle nie almal vanaand kry nie, sal ons hulle môre kry. En enigiemand wat voor gebid wil word, moet 'n gebedskaart hê. En wees hier om een-dertig môre, om jou gebedskaart te kry, want ons wil dan die diens begin. En ons sal vir elke persoon bid wat môre 'n gebedskaart het. Ons het probeer, deur die aande, om diegene te kry wat nie gebedskaarte het nie, sodat diegene wat gebedskaarte het, die voorreg kan hê om in die gebedsry te wees. En die ander word daar uitgeroep, sonder gebedskaarte. Dit kry altwee, beide kante. Die gebedskaart beteken niks. Maar jy vir 'n persoon 'n gebedskaart gee, is daar omtrent veertig-persent net daar genees, dis julle wat dink hy kom deur die ry; iets wat hy kan vashou, iets waarna hy kan kyk, of iets. En die—die seun sal die gebedskaart môre om een-dertig uitgee, sodat hulle weg kan wees teen twee-uur, sodat hulle die res van die—die oefeninge van die dag kan kry.

56 En julle wat die foto wil hê, die boek, of bandopname, moet dit vanaand kry. Geen verkope op Sondag nie; ons laat dit nooit toe, om hulle te verkoop nie. Ons respekteer Sondag, verkoop glad nie op Sondag nie. En hierdie boeke en goed, hulle is niks vir my nie, hulle is boeke wat mense oor my bediening geskryf het. Foto's wat die Amerikaanse Fotograaf Vereniging die foto geneem het, en dit behoort aan die Douglas Studio, met kopiereg. Die boek behoort aan Broer Gordon Lindsay en Kapelaan Julius Stadsklev. Ons koop hulle en bring hulle na die dienste toe, en verkoop hulle vir amper wat ons hulle voor kry, en verloor op hulle. En ons het altyd dit gesê, as enige . . . Ek het vir die mense,

wat boeke verkoop, gesê: "As 'n man of 'n vrou hiernatoe kom, arm persoon, nie die geld het om daardie boek te koop nie; gee dit, in elk geval vir hulle. En ons sal. . . Ek sal toesien dat dit gedek word." En as jy die boek gekry het en dis nie werd wat dit veronderstel is om te wees nie, bring dit terug. Daar sal nooit een teruggegee word of niks, wat ons nie jou geld vir jou sal teruggee nie, sien. Dis net iets om julle geloof te help. Dis al waarvoor ons dit wil doen, of ons sou dit nie hier toegelaat het nie. Dis presies reg. So nou, vanaand, onthou, sal hulle by die boekstalletjie wees. 'n Goeie vriend van my, Mnr. en Mev. Wood. Wens ek het tyd gehad om vir julle hulle getuienis te vertel, van hoe hulle seun van polio genees is. En baie ander dinge het—het plaasgevind, van mense wat hier in die diens is.

57 Nou laat ons Abraham se agtergrond kry. Eers, het God Abraham ontmoet, onvoorwaardelik, verbond wat Hy met Abraham gemaak het. Hoegenaamd niks nie; Abraham het niks gehad om te doen, behalwe om God te glo nie. Die verbond was suiwer deur genade, en onvoorwaardelik. Nie "as jy sal," nie. God het gesê: "Ek het!" En nou elke mens. . .

58 Onthou, al Abraham se Saad wat ooit na God toe kom, kom op dieselfde manier. Hoegenaamd niks wat jy kan doen nie! Jy kan nie jouself red nie, net so min as wat jy jou skoenveters kan vat en oor die maan kan spring. Jy kan nie jouself red nie. Geen mens het nog ooit na God gesoek nie; dis God wat na die mens soek. "Julle het My nooit gekies nie," het Jesus gesê: "Ek het julle gekies."

59 Die eerste, nou, kan jy hier uitgaan en vir 'n vark sê dat hy verkeerd is, om afval te eet? Hy sal vir jou sê om jou met jou eie sake te bemoei. Maar dit sou iets verg om sy natuur te verander, om hom te laat besef dat hy verkeerd is. Iets moet eers met die vark gebeur.

60 Dis hoekom die sogenaamde Christene partykeer in die modder rol, terug in sonde, is omdat. . . Jy kan 'n vark was, en hulle vingernaels verf, lipstiffie aansit. Dis, dis verkeerd, wat dit ook al is. Lipkleursel, is dit nie, of iets? Ek raak deurmekaar, met al daardie goed. Julle weet egter wat dit is. Jy sit vir die ou sog bietjie lipkleursel aan en—en, jy weet, doen al die ander dinge daaraan, en sy sal net reguit na die rolplek gaan, en weer rol. Hoekom? Sy's 'n vark, om mee te begin. Die enigste manier wat jy haar ooit anders kan maak, is om haar natuur te verander.

61 Dis die enigste manier wat 'n man of vrou ooit kan oplyn met God, is om die natuur te verander, skoon te maak, te sterf vir die ou mens se sonde, en wedergebore te word deur die Gees van God. En, dit is, Christus is die Gees van God, en Christus is die Woord. Dan getuig dit saam met die Woord. Dis die enigste manier wat hulle dit ooit sal doen.

62 Nou, Abraham het gesoek na ’n Stad Wie se Boumeester en Oprigter God was. En vandag is ons reisigers, vreemdelinge, wat soek na ’n Stad Wie se Boumeester en Oprigter God is. Kyk! Abraham, nog voordat hy ooit geweet het, was daar iets soos ’n instink binne-in hom, dat hy gesoek het na die Stad.

63 Vandag, oppad hierheen saam met die vrou, het ek gesê: “’n Pragtige plekkie wat hier op die heuwel sit, miskien driehonderd jaar gelede; pragtige woud, groot hoë bome. Die mens het ingekom, hulle het hulle afgekap, die strome besoedel. Dit sou ’n pragtige plek gewees het om hier te gewoon het.” Ja, maar as jy kyk, het hy huise gebou. Toe het hulle begin vermeerder. Sonde en geweld het begin inkom. Hollywood het naby hom ingetrek, het dit ingebring deur film, deur televisie. Deur . . . En nou is dit ’n besoedelde, sondige, elke stad!

64 En sekerlik, as mense, iets is in hulle wat bymekaar wil bly, met bure, en regverdig wil wees. Daar is sekerlik ’n Stad iewers! Die diepte wat weer uitroep na die Diepte!

65 En Abraham het die stede van sy dag gesien, Ur van Chaldéa. En hy het geweet, omdat daar iets in hom was, wat geroep het, dat daar ’n Stad was, wat anders was, Wie se Boumeester en Oprigter God is. En God het dit in Abraham gesien, vir hom gesê: “Sonder jouself nou af, kom uit.”

66 Nou, Abraham, een ding wat ek wil hê julle moet oplet, hy het God se Woord gehoorsaam tot die letter.

67 Onthou dit altyd! Dis my Boodskap. Jy moet die Woord gehoorsaam. En om enigiets teenstrydig Daarmee te ken, los dit uit. Dit mag goed lyk, maar moenie teen God se Woord redeneer nie.

68 Dis die eerste ding wat Satan gedoen het, was om teen God se Woord te redeneer, teenoor Eva. En sy het Dit nooit betwyfel nie. Sy het net geredeneer. Satan het Daaroor geredeneer.

69 En dis hoe hulle vandag maak. “Is dit nie redelik vir my dat ons *hierdie* moet doen nie? Is dit nie redelik nie?” As dit teen God se Woord is, los dit uit! Dis die stem van Satan.

70 Laat die Woord, as die Woord in jou is . . . “As julle in My bly, en My Woord in julle, vra dan wat julle wil.” Die Heilige Gees! “As julle in My bly, My Woord in julle,” dis die Woord wat vlees geword het: “vra wat julle wil en dit sal gedoen word.” Dis die manier. Kry alle geloofsbelydenisse, alle dinge weg, en hou vas aan die Woord, want dit is Christus. Let op, dan sal dit ditself manifesteer.

71 Iemand het gesê: “Broer Branham, hoe weet jy daardie dinge. Hoe?”

72 Hierdie wat julle hier in die diens sien, is amateuragtige dinge. Enigiemand wat die byeenkomste volg hier, weet. Die Heilige Gees openbaar dinge wat weke en maande tussen die tye

kom. En vra enigiemand: "Het dit ooit een keer gefaal?" Dit kan nie faal nie, sien. "Hoe weet jy dit?" Want dis 'n belofte van die Woord, en die uur is hier. Dit moet gebeur. Nou, ek weet nie, daar sal baie min wees, 'n minderheid wat dit sal glo, maar dit moet in elk geval uitgaan. En het julle al ooit opgelet, dit gaan reg bo-oor die mense se kop, en dis uit en gedaan voor hulle dit besef. Altyd so.

73 Aan julle Katolieke mense, julle weet wat julle kerk gedoen het? Omdat Jeanne d'Arc 'n—'n ware heilige van God was, wonderwerke van God gedoen het, geprofeteer het van God. En julle het haar 'n heks genoem, en haar op 'n brandstapel verbrand; en sy wat geskree het om genade, en julle het haar op 'n brandstapel verbrand. Honderde jare later, het julle besef julle was verkeerd, en toe het julle 'n heilige van haar gemaak. Sy het reg bo-oor julle gegaan, en julle het haar nie geken nie.

Elía het verbygegaan, hulle het hom nie geken nie. "'n Ou kwak!"

74 Christus het verbygegaan, hulle het Hom nie geken tot na Sy dood, begrafnis, en opstanding nie. God bepaal dit. En dit trek absoluut die kous oor die kop van die ongelowige. En het gewys . . . Hy het gesê: "Ek het dit verberg van die oë van die wyses en verstandiges, en dit openbaar aan kindertjies wat wil leer." Christus het God bedank dat Hy dit gedoen het. Sien?

Verneder jouself. Glo dit. Toets die Woord.

75 Jesus het gesê: "Ondersoek die Skrifte, want in hulle dink julle het julle die Ewige Lewe, en dit is hulle wat van My getuig. Julle moes die uur geken het." Gesê, vir die Fariseërs vertel: "Julle skynheiliges, julle kan die voorkoms van die lug onderskei. Maar die tekens van die tye, kan julle nie onderskei nie. Want as julle My geken het, sou julle My dag geken het." Reg bo-oor hulle gegaan, het dit nie geweet tot dit klaar verby was nie. Let nou op na die Woord wat so belangrik is!

76 En let nog een op, terwyl ons daarop is, Lot. Jesus het Self gesê: "Onthou Lot se vrou." As die Woord nie so belangrik is nie, as redenasie in die haak is; toe daardie Engel vir Lot en sy familie gesê het: "Gaan na Soar, maar moenie omkyk nie!" En Lot se vrou, oor 'n klein onbenullige dingetjie, soos om om te draai en terug te kyk, maar dit was teenstrydig met die Woord, het sy in 'n soutpilaar verander.

77 Dan sê julle: "Sê vir vroue oor die sny van hulle hare, klere dra . . . ?" God het gesê moet dit nie doen nie! Volg julle die Woord. Lot het, sonder twyfel, 'n goeie vrou gehad, maar sy het nie die Gebooie van die Woord gevolg nie. Lot! Eva was 'n goeie vrou, maar sy het nie die Gebooie van die Woord gevolg nie; net 'n bietjie daaroor geredeneer.

78 "Is dit nie redelik, Broer Branham, dat ons hierdie moet doen nie? Ek's 'n Amerikaanse burger, ek—ek het 'n reg om te

doen wat ek ook al wil. Dis my Amerikaanse voorreg." Dis jou Amerikaanse voorreg, maar nie jou Christenvoorreg nie. Want, as Christen, is jy 'n skaap; en 'n skaap gee sy regte prys. Dit lê stil en laat jou al die regte wat hy het, van hom af wegneem. Maar 'n bok sal tekere gaan daaroor. Dis reg. Maar 'n skaap gee sy regte prys. En 'n Christen gee altyd sy nasionale regte prys as dit teenstrydig is met jou Christenregte.

79 Lot se vrou het maar net omgekyk, [Broer Branham klap sy vinger—Red.] dit was dit! Nou wat het dit gedoen? Dit sê vir ons hier in Abraham, en Lot, dat die ding wat hulle daar uiteengesit het, 'n voorbeeld is. En ons kan nie daarby verbykom nie.

80 Hebreërs, die 11de hoofstuk, het gesê: "Hierdie dinge was 'n voorbeeld vir ons. Terwyl ons dan so 'n groot wolk van getuies rondom ons het. Ons moet elke sonde aflê." Wat is sonde? Ongeloof! "Elke sonde, elke ongeloof in God se Woord, wat ons so maklik omring."

81 Ons kom voor iets te staan, sê: "Wel, hulle preek *dit*, dat *dit* was . . . " Jy moenie dit doen nie! Doen jy net wat God sê om te doen. Bly Daarby, tot die letter!

Sê: "Dit maak geen verskil nie."

82 Goed; die enigste ding wat ek kan sê, is wat die Woord sê. En Jesus het streng gesê dat: "Onthou Lot se vrou." Sy het maar net oor haar skouer gekyk. Eva het maar net vir 'n oomblik gestop. Dis al wat sy gedoen het. Lot se vrou het net omgekyk. En as . . . God het daardie regverdige man, Lot, sy vrou, verander in 'n soutpilaar, oor net 'n kleinigheidjie, net om ongehoorsaam genoeg te wees aan Sy Gebooie om om te kyk en te kyk waaroor al daardie vuur gegaan het, en sy in 'n soutpilaar verander het, en vandag nog daar staan, as 'n voorbeeld dat God bedoel wat Hy sê.

83 O, as ware geloof in die mense kan anker! "Geloof kom deur die gehoor, gehoor van die Woord van God."

84 Eva het vir 'n oomblik gestop. Dis al wat sy moes doen. Satan het haar gevang, en dit net beredeneer met haar. "Is dit nie redelik nie? As Suster *So-en-so* dit kan doen, kan jy dit nie ook doen nie? Sy's die pastoor se vrou." Ek gee nie om wie sy is, of wie hy is nie. As dit teenstrydig is met die Woord, moet jy nie daarna luister nie. Gaan reguit aan! Voorbeelde!

85 Dis wat Abraham gedoen het. Hoeveel redenasies, dink julle, kon die—die mediese wetenskap van daardie dag, vir hom gegee het, dat hy nie daardie babatjie sou kry nie? En wat van toe hy vyf-en-sewentig was? Dan vind ons hom toe hy honderd was, hy dit steeds sterker geglo het, as wat hy in die eerste plek het, het vyf-en-twintig jaar gehad om aan te hou om meer geloof op te bou daarvoor. Ek hou daarvan. Ja, meneer.

86 Dan wil ek julle aandag vestig op iets anders voor ons opstaan. Het julle opgelet? Ek—ek hoop dat julle dit gesien het. Oor daardie verbond wat bevestig is, deur die verbond neer te skryf en dit op te skeur, het julle dit begryp? Steek julle hande op as julle het, julle gesien het wat dit beteken het. Verbond neergeskryf, geskeur, God wat die manifestasie van drie-eenheid geneem het, dit een gemaak het; dit in twee geskeur het, die liggaam Boontoe geneem het, en die Heilige Gees teruggestuur het, om in die Kerk te woon, om dieselfde ding voort te bring wat daardie liggaam voortgebring het, as 'n vrou, Bruid; selfde Gees, selfde werk, selfde Doktrine, alles presies net soos Hy dit gehad het, selfde teken: "Jesus Christus dieselfde gister, vandag, en tot in ewigheid." Let op!

Daar mag, miskien, 'n Jood wees wat hier sit.

87 Sien, God doen daardie dinge, en dit gaan reguit aan onder die mense en tog sien hulle dit nie.

88 Soos ek verduidelik het hoekom vroue hulle gesigte sluier wanneer hulle gaan trou. Hoekom? Hulle mag dit miskien nie verstaan nie. Maar wat hulle doen, is, omdat hulle weet hulle is 'n liggaam, hulle het geen hoof nie, die man is hulle hoof. Dis hoekom Rebekka haarself gesluier het. En dis hoekom die Kerk ditself moet sluier en ditself oorgee aan Christus, want Hy is die Hoof, en Hy is die Woord.

89 Nou, die Jood, die Jom Kippoer, wanneer hulle die nagmaal neem, of die Pasga, enigiemand weet, wat 'n Jood is, en weet dat, onder die deksel is 'n gebreekte stuk kosjer. En daar is nie 'n Jood waarvan ek weet, waarmee ek ooit gepraat het, wat kan verduidelik waarom daardie gebreekte stuk kosjer nie. Wel, hier is die bevestiging van die verbond, die gebroke liggaam van Christus, toe Hy God uit die mens uitgebreek het; Hy was beide God en mens. En toe Hy die Gees opgeneem het . . . En Jesus gesê het, luister: "In daardie dag sal julle weet dat Ek in die Vader is, die Vader in My; Ek in julle, en julle in My." Dis God in Sy mense! Dieselfde God!

90 Hy het daar verteenwoordig, waaroor ons gisteraand gepraat het. God het neergedaal, hoofletter H-e-r-e, Jehova-Jireh, Jehova-rapha, Jehova-manasseh, Elohim, die Algenoegsame, die Sterke, die Een met borste, al Sy titels en alles, gemanifesteer in 'n menslike liggaam wat mensekos geëet het, en verdwyn het voor hulle oë. God!

91 En Jesus, toe Hy gekom het, het Hy gesê: "Soos dit was in daardie dag, so sal dit wees." God!

92 Dis die gebreekte kosjer onder die deksel, die gebreekte stuk; nie wat hulle eet nie, maar Wat gebreek is. Hoekom verstaan hulle dit nie?

93 Net soos toe Jesus die—die perkamente opgetel het en begin lees het. Hy het 'n deel van die vers gelees, en dit uitgelaat, die

res daarvan, want dit was net vir Hom vir daardie dag. Die res van die vers het betrekking gehad op Sy Tweede Koms.

94 Dis hoekom die Jode dit nie verstaan nie, omdat hulle verblind moes word. Hulle het nie hulle Messias gesien nie, en tog was Hy daar. En elke keer wat hulle—hulle Pasga neem, daar is die gebreekte kosjer weer, en weet dit nie.

Ek het 'n rabbi gevra. Hy het gesê: "Ons word geleer om dit te doen."

Ek het gesê: "Hoekom doen julle dit?"

Hy het gesê: "Ek weet nie. Niemand anders weet nie."

95 Sien, 'n vrou sluier haar gesig, tog besef sy nie. In plaas van om in te kom en haar man haar hoof te laat wees, is sy die hoof van die man. Dis verdraaidheid. Nou dis die Amerikaanse houding.

96 Maar daardie is, gebreekte kosjer. Dan let ons weer op, weer wil ek hier oplet, as agtergrond nou, voor ons in die regte deel daarvan ingaan waaroor ons vanaand wil praat.

97 Gisteraand, onthou julle dat toe Abraham, die verbond gemaak is met Abraham en sy Saad na hom. Nou, daar was 'n natuurlike saad van Abraham, deur die daad van geloof is dit voortgebring; maar die ware Saad van Abraham was Christus, die Bybel. . . wat die koninklike Saad van Abraham was. Nou let op.

98 Abraham, voor die vernietiging met vuur in sy dag, was daar 'n teken gedoen aan Abraham, Sy uitverkore groep. En dit was, God het afgekom in die vorm van 'n man, Sy rug gedraai na die tent waar Sara was, en vir Sara vertel wat sy in die tent gesê het. En Jesus het gekom en gesê dieselfde ding sou aan die einde van die tydperk wees. Nou, dit was Abraham.

99 Dan sy natuurlike saad, toe Messias gekom het. En Simon het na Jesus toe gekom, en Hy het vir hom gesê sy naam was Simon, en hy was die seun van Jona, die geheim van sy hart geken. Vir Filippus gesê. . . of Natánael, wat Filippus gaan haal het: "Ek het jou gesien toe jy onder die boom was." Vir die vrou by die put gesê: "Jy het vyf mans gehad"; en sy het gesê: "Meneer, ek sien dat U 'n profeet is." Sien, die einde van die natuurlike saad van Abraham het daardie teken gekry.

100 En dit is voorspel deur die koninklike Saad Self, Christus, dat die koninklike Saad, aan die einde van hulle dae, dieselfde ding sou kry. Nou ek hoop ons kry dit.

101 Hom verander. Let op, God het Abraham se naam verander. Ek beter dit uitlos. Wanneer ek terugkom vir 'n lang herlewing, sal ons daarop ingaan. Hy moes die naam verander van sy aardse naam, na 'n naam wat deur God gegee is.

102 Julle sê: "Wat het 'n mens se naam te doen met enigiets?" O, broer, as jy net geweet het! Wel, party van hierdie moderne name wat ons het! Ek wil hulle nie noem nie, want dit sal julle gevoelens seermaak. Maar God het name wat dinge beteken, dit verander die hele verloop. O, julle sê: "Onsin!"

103 Wat van—wat van Jakob? Voor hy 'n prins voor God geword het, moes sy naam verander word van Jakob na Israel. Is dit reg? Sekerlik. Paulus; Saulus se naam moes verander word na Paulus. O, hoeveel kon ons noem, en te sê dat God hulle name verander het! Abram na Abraham, Sarai na Sara, hulle naam verander. O, goeiste! Wat 'n seëning, om in 'n klein kerkie in te kom saam met 'n uitverkore groep, en dit te begin onderrig, die halleluja's in die hart te sien, wanneer jy sien wat God doen.

104 Nou, gisteraand het ek verduidelik oor "tussen die lyne" en "dit te bevestig." Ek wil dit net weer tref voor ek in my teks ingaan. Dat, God Abraham verander het van 'n ou verrimpelde man, vir hom en Sara, terug na 'n jong paartjie, hulle fisiese wese verander het, voordat hulle die beloofde seun kon ontvang. Die laaste teken wat hulle gekry het, was die manifestasie van God in vlees, die hart van 'n vrou agter Hom kon lees, in die tent. En die volgende ding was dat hulle liggame verander is. Nou, gisteraand het ek laat geword, en ek het party voel wonder daaroor. Ek wil dit nog 'n bietjie nader bring.

105 Nou, die bewys daarvan was dat, toe hulle albei daardie lang reis onderneem het, hulle absoluut verander was. En die Bybel het gesê: "Hulle was albei ver gevorderd in jare. En Abraham se liggaam was so goed soos dood, en Sara se skoot was dood." Was dit reg? Ons weet hulle was dood, maar God het hulle verander. Nou om dit vir julle te bewys, dat Hy dit gedoen het. Eerstens, waarom sou daardie Filistyn (of nie 'n. . .), ja, ek dink dit was 'n Filistynse koning, verlief raak op Sara, 'n ou vrou? En sy was mooi om na te kyk.

106 Nog iets. Toe Isak gebore is, en Sara en Abraham ver gevorderd in ouderdom, gereed om te sterf, toe het hulle gelewe tot, en Isak is getroud toe hy veertig jaar oud was; Sara het gesterf. En Abraham het met 'n vrou, Ketúra getrou, en het daarna vyf, ses seuns gehad, glo ek was dit, behalwe die dogters; en hier, sestig jaar gelede, was hy so goed soos dood! K-e-t-ú-r-a, Ketúra. Hy het met Ketúra getrou, vyftig of sestig jaar daarna, en het ses seuns behalwe sy dogters gehad; en sestig jaar tevore, was hy so goed soos dood. Halleluja! Daar het julle dit! Die belofte van God is seker. Amen. O, ek hou Daarvan!

107 Net om alleen te kom en te lees! Vandag, agterin die woude, terwyl ek gelees het, het ek 'n ietsie gekry wat ek graag wil verduidelik.

108 Israel. Die volk van God was eendag onderin Egipte, verkoop in slawerny, en hulle kon nie help dat hulle daar was nie.

God se groot voorbestemde plan het hulle soontoe gestuur. Hy het vir Abraham gesê hulle gaan vertoef in 'n vreemde land vir vierhonderd jaar. En daar het hulle soos die res van die volke geword, en hulle was slawe. As die—as die Egiptiese mans die jong Hebreeuse meisies wou onteer, kon niks gesê word nie. As hulle hulle jong mans wou doodmaak, het hulle hulle doodgemaak, niks kon gesê word nie. Hulle was slawe. Hulle het vir hulle hulle muwwe brood uitgegooi. Hulle het dit geëet, of daarsonder klaargekom; kla, doodgemaak! Wat 'n plek vir die volk van God!

109 Maar eendag, halleluja, het God Sy belofte aan Abraham onthou. Glorie! Nou begin ek weer godsdienstig voel. Let op, God het Sy belofte aan Abraham onthou. En Hy het 'n profeet gesalf, met 'n Vuurkolom bokant hom, en hy het afgekom na die land en hulle begin herinner aan die belofte van God wat nie kon faal nie. En God was teenwoordig om Sy Woord te bevestig. Reg. Hy het hulle vertel van 'n land wat oorgeloop het van melk en heuning, God het dit vir hulle gegee. Hulle het uit Egipte uitmarsjeer op die krag van die getuienis van hierdie profeet met die Vuurkolom bokant hom, omdat hy gestuur is. En God het bewys dat Hy met hom was.

110 Nou toe het hulle gekom by 'n plek met die naam van Kades-barnéa. Dit was eenmaal die oordeelstroon van die wêreld, Kades-barnéa. En daar het hulle 'n soldaat onder hulle gehad, met die naam van Josua. En die woord *Josua*, in Hebreeus, beteken "Jehova-verlosser." En Josua, die groot soldaat... Onthou nou, hulle het nog nooit hierdie land gesien nie, hulle het net daarvan gehoor. Sien julle nou die tipe? Hulle het net van die land gehoor. Hulle het alles verlaat om na hierdie land toe te gaan, omdat die Woord van die Here na hulle toe gebring is, en bevestig het dat hulle op hulle pad was na hierdie land. Wat 'n tipe van die Kerk, op hulle pad, wat niks daarvan weet nie, niemand van hulle was nog ooit daar nie. Maar Josua, toe hulle naby aan die grens gekom het, by Kades, die oordeelstroon, waar oordeel Israel getref het, van een wat oorgegaan en teruggekom het. En Josua het oor die Jordaan gegaan, oorkant in die beloofde land in, en die bewys teruggebring dat dit presies was wat God gesê het dit was. En hulle kon van die druiwe proe wat gekweek is in daardie sorgvrye land.

111 Nou, daar is vir hulle belowe dat hulle 'n huis kon hê waar hulle vry sou wees, hulle hulle kinders met waardigheid en—en goddelike vrees kon grootmaak, kerk kon hou, ensovoorts. Hoe bly was hulle om oor te gaan na daardie land en hierdie huis te kry, na hulle slawe was. Let op. Maar toe hulle oorgegaan het, hulle lewens gelei het, was dit 'n groot ding. Maar uiteindelik is die heuwels gevul met grafstene. Hulle het oud geword en gesterf, oud en gesterf, God se volk.

112 Toe het daar eendag nog ’n groot Soldaat gekom, die grootste van hulle almal, Jehova-Verlosser, *Jésus*, Hy het gekom, en Hy het gesê: “Daar is Lewe anderkant die dood! Want, in My Vader se huis is baie wonings. As dit nie so was nie, sou Ek vir julle gesê het. Ek sal gaan om vir julle ’n plek te berei, en weer terugkom om julle na My toe te neem.” En hierdie groot Soldaat het na Sy Kades-barnéa toe gekom, die oordeelstroon van ons almal, Golgóta! Daar het Hy die ongeregtigheid van ons almal op Hom geneem. En Hy het die Jordaanrivier, wat ons die dood noem, oorgesteek. En op die derde dag het Hy weer opgestaan, soos Josua wat teruggekom het oor die rivier, die bewys gebring het dat “’n mens wat doodgegaan het, weer kan lewe.”

113 En Hy het gesê, om te maak julle . . . seker vir jou: “Ek wil hê julle moet daar opgaan na die stad van Jerusalem, en daar wag. Ek gaan vir julle ’n onderpand Daarvan gee. Ek gaan vir julle die bewys daarvan gee, die deposito.” En hulle het opgegaan na die stad van Jerusalem en gewag totdat die Ewige Lewe gekom het soos ’n magtige rukwind.

114 En vandag, na tweeduisend jaar, het ons steeds daardie bewys dat ons oorgegaan het van die dood na die Lewe. Ons Josua het die bewys teruggebring, en ons is op ons pad na daardie beloofde Land, en proe die hemelse gawes van God wat Hy vir ons teruggebring het. Let dit op, hoe wonderlik! Kyk waar jy eers was. Dronkaard . . .

115 Ek het vandag ’n broer ontmoet; het ’n snaakse gevoel gehad om in ’n sekere straat in te draai, en ’n roete te volg. Ek vergeet nou wat die man se naam was. Hy mag hier wees in die byeenkoms. Tog, as hy nie is nie, wel, God was goed vir hom. Hy’s ’n Indiaan, gedeeltelik Indiaans. Hy’s van Virginia. Die Heilige Gees het vir my gesê, om dit nie te sê nie. Ek moes my vrou aflaai. Gesê: “Gaan af *hier*natoe, en gaan om *hierdie* hoek.” Ek het soontoe gegaan. O, dit gebeur die heeltyd. “Wag net *hier*.” Toe het ek net daar gewag vir ’n paar minute. Gesê: “Draai en gaan terug in *hierdie* rigting.” En, toe ek het, het ek hom ontmoet.

116 Hy het gesê: “Broer Branham, ek ken jou.” Gesê: “Ek het eenkeer Jeffersonville toe gekom, en om jou te vind.” En gesê ek . . . “Jy was oorsee.” Maar hy was ’n dronkaard, in sy lewe. Ek het sy hand geneem, hy was onbewus van wat ek gedoen het. Hy het sirrose van die lewer gehad. Terwyl ek daar gestaan het en sy hand vasgehou het, het die vibrasie my verlaat. Wat? Hy was genees. Net daar op die straathoek, hoor hulle dit in julle stad.

117 Ek ken nie die man nie . . . Is hy hier? Ek weet nie. As hy is, hy . . . ek—ek weet nie. Hy het gesê hy—hy wou teruggaan huis toe. Ek dink hy moes gaan. Hy was ’n—’n Indiaanse man, ek dink hy het met ’n—’n wit vrou getrou. En hy was van Virginia. En ek vergeet wat sy naam is. Hy het hieronder rondom Logar, of soiets, gewoon. En hy was al die pad Jeffersonville toe. Maar hy het

die gevoel gehad om na die hoek toe te stap; die Heilige Gees het gesê: "Gaan af in *hierdie* rigting." O God, wees genadig! Daar het julle dit.

118 Ek kan uur na uur neem, om julle dinge te vertel wat ek so sien gebeur het en gedoen is soos daardie. Hoekom? Jesus, ons groot Soldaat, het oorgegaan en die land oorwin, die dood oorwin, die hel oorwin, die graf oorwin, opgestaan op die derde dag, en gesê: "Ek is Hy wat dood was, en weer lewe vir altyd, en die sleutels van die dood en die hel het." Daar's die Oorwinnaar, sedert Hy die sluier in twee geskeur het. Daar staan Hy!

119 Soos 'n ou swart suster. Verskoon my, my swart vriende hierbinne. Sy het 'n getuienis gegee in die diens, en sy was baie suidelik in haar spraak. Sy het gesê: "Wel, ek wil vir julle almal iets vertel vanaand." Sy het gesê: "Ek is beslis nie wat ek behoort te wees nie." En sy het gesê: "Ek is beslis nie wat ek wil wees nie. Maar een ding weet ek, ek is beslis nie wat ek was nie." So sy het iewers gekom!

120 En ek sê, dis wat dit vanaand is! Eens was ons verlore in sonde. En vandag, deur die bewys te aanvaar, die terugkerende belofte (die deposito van ons Ewige verlossing), het ons opgestaan uit die dood in die Lewe, en lewe bokant dit. Wat sal dit wees wanneer ons die volle betaling kry, en self oor die rivier gaan, na daardie wonderlike Land?

121 Groot toetstyd! Nou Abraham, na al hierdie wonderlike dinge, is hy getoets nadat hy die seëning ontvang het. Abraham is getoets.

122 Nou dis waar mense faal. Nou, luister baie goed nou, moet dit nie mis nie. Die Bybel het gesê, dat "Elke seun wat na God toe kom, getugtig, gekasty, pak gegee moet word. En as ons nie die tugtiging kan verduur nie, word ons onegte kinders, en nie die kinders van God nie." Dit bewys dat ons geloof nie was wat dit gesê het dit was nie, ons nie het wat ons verklaar het om te hê nie. Nou gaan ons in 'n bietjie regte Calvinisme in nou, so ons moet dit dophou. Nou let op: "Elke seun wat na God toe kom, moet getugtig, gekasty word," die Woord gee hom pak en slaan hom stukkend, slaan elke geloofsbelydenis onder hom uit; sien, beproef, en kyk of hy 'n seun van God is.

123 Nou Abraham, nadat hy die seëning ontvang het, is daarna getoets.

124 Waar gaan daardie tyd heen? Ek het nog nie eers by my teks uitgekom nie, en dis tyd om af te sluit. Sal julle my nog vyftien minute verduur? [Gemeente sê: "Amen."—Red.] Dankie. Wees eerbiedig. (Abraham. Kyk na Noag.) kom ons neem dit net vir 'n oomblik. Ons kan nie jaag nie; daar's geen rede nie. En, o, waarvoor jaag ons? Ek's net stadig. Ek—ek is nie soos sommige van hierdie kêrels wat kan staan, dit net so kan afjaag nie. Ek—ek—ek is stadig, ek moet wag tot Hy dit vir my gee.

125 Kyk na Noag, nadat God hom 'n honderd-en-twintig jaar laat preek het, reg te midde van 'n groter wetenskaplike eeu as wat ons vandag het. O, sekerlik, hulle het piramides gebou. Ons kan hulle nie bou nie. Hulle het 'n sfinks gebou. Ons kan dit nie bou nie. Hulle het liggame gebalsem dat hulle vandag nog natuurlik lyk. Ons kan dit nie doen nie. Hulle het kleurstowwe gehad wat hulle in goed kon sit, dat die kleur vir vierduisend jaar nooit verander het nie. Ons het dit nie. [Leë kol op band—Red.] En dit het gewys hulle het 'n beskawing gehad soos waarna Jesus verwys het: "Soos dit was in die dae van Noag." En Noag, in daardie wetenskaplike wêreld, wat gepreek het: "'n Reën gaan uit die hemel val, want die Woord van God het so gesê!" Noag was 'n profeet.

126 En wanneer julle profete sien opstaan, beter julle dophou, oordeel is oppad.

127 So toe het Noag gepreek, en die mense het dit geweier, in sy gesig gelag. Ek kan my voorstel hoe party van hulle gesê het: "Dit dra nie ons wetenskaplike goedkeuring weg nie." Huh!

128 Ek kan my voorstel, dieselfde ding as wat dit vandag is. Hulle sê dat: "Om te skree en God te loof, en te huil, en hierdie sogenaamde 'holy-roller' lewe en dinge, dis alles emosionele opsweping." Dit dra nie hulle wetenskaplike goedkeuring weg nie, maar dit word goedgekeur deur God se Bybel. Dis die hoofsaak. Let op.

129 Ek kan my voorstel die wetenskap het uitgekom en gesê: "Kyk, kêrel. Kyk, jy's—jy's soort van van jou kop af. Kyk hier. Ek, ons het radar, ons kan na die maan toe skiet en 'n Sputnik daar opstuur. Daar is nie een druppel water tussen hier en daar nie. Nou waar kom dit vandaan?"

130 Ek kan vir Noag hoor sê: "God het so gesê! En as God gesê het dit was so, Hy's Jehova-Jireh, kan Hy water daarbo voorsien. God het so gesê! Dit gaan in elke geval gebeur!" Iemand het gesê . . .

131 Jy neem 'n man wat sterwend is aan kanker, 'n skaduwee van 'n man, hier is hy; volgende jaar is hy 'n goeie gesonde man. Hoe het dit gebeur? Hom neergelê . . . Ek het honderde van daardie getuienisse. 'n Man wat reeds weg was uit hierdie lewe uit, 'n dokter se getekende verklaring: "Hy is dood, is al vir ure en ure dood." En God het 'n visioen gegee, en hy lewe nou. Hoe? Moenie vir my vra nie. Ek weet nie. Maar God het gesê: "Genees die siekes, wek die dooies op, dryf duiwels uit." Dis reg.

132 Wanneer jy ook al siek is en God genesing uitspreek, gaan jy net aan—aan met jou dokter, laat hom vir jou sê wanneer jy genees is. Hy sal vir jou gee . . . Dit sal 'n getuienis vir hom gee. Wanneer hy sê: "Wel, dis alles verby"; sê: "Prys God! Dankie, dokter, vir jou dienste," en gaan net aan. Sien? Dis reg. Let op.

133 Nou Noag, hy het gesê: "Daar kom 'n reën, die hele wêreld, gaan julle goddelose mense wegwas."

134 "Ag, onsin! Ons het ons kerke. Ons pastoor sê niks soos daardie nie. Die ou man is van sy kop af, bou aan 'n ark daarbo. Dink jy enigiemand sal dit glo?"

135 Eendag, het God gesê: "Ek het genoeg na hulle gelag geluister. Ek is nou gereed. Gaan in!" En hier kom die diere, in pare, die mannetjie en wyfie pappegaai, die mannetjie en wyfie mossie, die mannetjie en wyfie bok, mannetjie en wyfie skaap, leeu, tier, alles wat asemhaal op die aarde, het in die ark ingegaan.

Noag het gesê: "Dis julle laaste teken!"

136 En hulle wou dit nie glo nie. "Gaan boontoe en bly saam met jou stink diere."

137 Daar was hy, Noag wat God gehoorsaam het. Maak nie saak wat die wêreld gesê het nie, hy het na God geluister; hy was 'n profeet. Hy het in die ark ingegaan, en God het die deur agter hom toegemaak.

138 Nou ek kan my sommige voorstel, sommige van die grenslyngelowiges, wat rondgesit en na Noag se boodskap geluister het, en 'n entjie weg gesit het, julle weet, hulle gesê het: "Julle weet wat, daardie ou man mag reg gewees het. Kom ons gaan soontoe en staan rond. Hy het gesê: 'Dit gaan begin reën wanneer daardie deur toegaan.' God het vir hom gesê Hy sou die deur toemaak, dit gaan begin reën. Kom ons gaan soontoe en staan rond. En as dit wel begin reën, sal ons aan die deur klop. Want hy is 'n goedhartige ou man, hy sal die deur oopmaak."

139 Julle sien, partykeer kyk julle na die boodskapper in plaas van na die Boodskap. God het die deur toegemaak. Maak nie saak hoe goedhartig Noag was nie, dit was God wat die toe- en oopmaak gedoen het, wat Hy ook al wil.

140 "Broer Branham, daar is 'n man wat hier onder op die hoek sit. Gaan soontoe en genees hom, ons sal in Goddelike genesing glo." Dis die duiwel.

141 Dieselfde een het gesê, toe hulle 'n lap om Sy gesig gedraai het en Hom op die kop geslaan het, in die hof, het hy gesê: "As U 'n profeet is, sê vir ons wie U nou geslaan het. Ons sal dit glo." Hy vermaak niemand nie. "As U die seun van God is, verander hierdie klippe in brood. As U is!" Hy kon dit gedoen het, maar Hy vermaak niemand nie. "As U die seun van God is, kom van die kruis af." Die geestelikes het dit gesê, sien. Hy het nie enigiemand vermaak nie.

142 Hy het net gedoen wat die Vader Hom gewys het, en niks anders nie. Dis wat Hy gesê het, Johannes 5:19: "Die Seun kan niks in Homself doen nie, net wat Hy die Vader sien doen." Daar het julle dit. Let op.

"Ons sal soontoe gaan en om die ark staan, as dit begin reën . . . "

143 Ek kan my voorstel Noag het gesê. . . Hy het op die eerste vlak gekom, na die volgende vlak geklim (die voëls) van die kruipendes af, op na die volgende amp. Van regverdigmaking, op na heiligmaking (die voëls), toe het hy van daar af gegaan in die doop van die Heilige Gees in; waar die venster was, waar die lug kon inkom. "Ek het opgeklim in die hemelse, gaan sit." Gesê: "Goed, familie, julle wat hier saam met my ingekom het, in die oggend. . . Dit word nou laat vanmiddag. Nou God het die deur daaronder toegemaak. In die oggend, sal daar duisternis oor die hele aarde wees. In die oggend, sal die reëns begin val en die ark sal wegdryf, en God sal—sal elkeen van daardie wrede sondaars verdelg, wat nie die Boodskap geglo het nie." Almal van hulle wat wag.

144 Die volgende oggend, opgestaan, uitgekyk, mooi en helder. Hy het in die ark ingegaan, hoeveel weet op watter dag hy ingegaan het? Die 17de dag van Mei, toe Noag seshonderd jaar oud was. Die 17de dag van Mei, die Bybel het so gesê. En toe hy ingegaan het, die 17de dag het verbygegaan, die son het opgekom net so warm as wat dit ooit was.

145 Ek kan my hulle voorstel, grenslyn, wat sê: "Ag! Ek het julle gesê daar's niks daaraan nie! Hoekom hang julle almal daarbo rond? Kom weg van so 'n kwak af!"

"Wel, ek reken dit was reg."

146 Maar, julle sien, daar is 'n skeidslyn wat getrek word tussen geloof en ongeloof. En jy kom óf aan een kant óf die ander. En daar's 'n tyd wanneer jy jou laaste oproep ontvang.

147 So, die tweede dag, wat 'n teleurstelling was dit vir Noag en sy kerk, toe hy vir hulle gesê het God gaan die wêreld vernietig. Maar weet julle hoe lank het hy dit uitgehou? Sewe dae, niks het gebeur nie. Beproewing!

148 Toe op die agtste dag, was daar duisternis oor die hele aarde, yslike groot druppels het uit die lug begin val, die water het begin uitstort, en die fonteine is oopgebreek. Die strate het vol water geword. Mense het aan die deur geklop, maar Noag kon hulle nie eers hoor nie. En sy het bo-oor die hoogste heuwel gedryf, en almal buite die ark het vergaan.

149 God wat Noag getoets het, om te sien of hy by die venster sou probeer uitklim, of iets. Nadat Hy alreeds die belofte gemaak het, het Noag dit uitgehou!

150 Dis reg! Wanneer jy die belofte gekry het, en jy weet dis 'n belofte, bly daarby! Abraham moes getoets word. Bly by die belofte!

151 Nou, hulle het hulle laaste teken gekry. Toe is hulle liggaam verander. En onmiddellik het klein Isak op die toneel verskyn, pragtige klein Joodse seuntjie. Ek neem aan na sy agt dae, is hy besny. Hoe daardie jong moeder, honderd jaar oud. . . Hoedat

Abraham, honderd jaar oud; of sy negentig, en hy 'n honderd; hoe hulle omtrent, in hulle twintigs moes gewees het, en gejuig het. Hierdie jong kêreltjie, hoe oulik hy was!

152 En julle weet, God het gesê: "Nou om die mense te laat weet in die dae wat gaan kom (die Saad van Abraham), jou Saad sal laat weet dat Ek My belofte aan enige mens sal hou wat aan My Woord sal vashou, gaan Ek hom 'n toets gee."

153 Toe die seuntjie omtrent veertien jaar oud geword het. Ek kan my voorstel, wollerige haartjies en mooi ogies. O, hoe daardie gelukkige vader en moeder! Julle weet hoe julle ouers met julle kind is, enigste kind. Toe het God vir Abraham gesê. . . Nou, Hy het dit nie vir Sara gesê nie, want Sara was die swakker een. En so Hy het gesê: "Abraham, Ek wil hê jy moet hierdie seuntjie vat, wat Ek vir jou gegee het, die een waardeur Ek jou 'n vader van baie nasies gaan maak, en Ek wil hê jy moet hom teen die berg opvat wat Ek jou vanaand in 'n visioen gaan wys, en hom daar doodmaak." Die enigste hoop vernietig, wat daar was om hom 'n vader van nasies te maak, vir God om Sy Woord te hou; God het gesê: "Ek sal jou 'n vader van nasies maak." Hy het nou al hierdie jare gewag, tot hy 'n honderd jaar oud is, honderd-en-veertien jaar oud. "En hier's die seuntjie nou, en die enigste bewys wat jy het, dat Ek My Woord sal hou, gaan jy op en vernietig dit. Ek gaan jou steeds 'n vader van nasies maak deur hierdie kind."

154 "En Abraham," het gesê: "hy het nie getwyfel aan die belofte van God nie. Hy het geweet hy het hom ontvang as een uit die dood. Geweet, as God so belowe het, kan Hy hom uit die dood uit opwek."

155 En dan is ons die Saad van Abraham? En een teologiese foutjie kan opkom langs die pad, om gewild te wees by die res van die mans en vroue, gaan julle soontoe, in plaas van om by die Woord te bly. Skaam julle! Een of ander groot organisasie, wat beteken dit vir God? Hy sal dit wegvee soos *dit*! [Broer Branham klap sy vinger—Red.] Hy's weg daaruit, was vandat hulle georganiseer het, elkeen van hulle, en sal altyd wees. Nie die individue daarin nie, maar die organisatoriese stelsel, dis teen God. Elke kerk wat georganiseer is, is die moeder. . . of 'n dogter van die Katolieke organisasie. Die Bybel het so gesê, Openbaring 17: "Die ou hoer, en haar hoerdogters." Presies reg.

156 Sy sit nou hier, oor ons nasie. Skaam julle goeie Demokrate wat julle geboortereg uitverkoop het! Goed, ons sal dit laat gaan, tot ek terugkom. Let op. Ek is laat. Beteken julle Christus nie meer vir julle as julle politiek nie? Julle behoort te doen wat Abraham Lincoln gesê het. Goed. Let op, ons gaan aan.

157 Nou het God gesê: "Vat jy die kêreltjie, vat hom daar na die top van die berg."

158 Nou wil julle weet of Abraham 'n jong man was of nie? Hy het 'n drie-dag reis onderneem met die kind, met die hout, met

die dienskneg, en die donkie. Nou enige man, gewone man. . . Ek het altyd kraglyne gepatrolleer, het altyd gestap toe ek 'n veldwagter was; en ek kan maklik dertig myl per dag loop. En ons het petrolvoete, noem ons dit. Maar daardie manne, hulle enigste vervoer was per voet, of om op 'n donkie te ry. En hier was hulle met 'n ou stadige donkietjie; en ons kan vinniger as hy loop. En hier was hy, drie-dag reis, en het toe sy kop opgelig en die berg in die verte gesien. Hy moes omtrent 'n honderd myl van die beskawing af gewees het, ver agter in die woestyn. Nou luister, en let op.

159 Toe het hy die hout geneem en dit op Isak se rug gesit; die kruis, God se Seun jare later. En Isak het die hout teen die heuwel opgedra, waarop hy sou lê as 'n offerhande. Voorafskaduwing!

160 As God dit presies voorafgeskadu het; Lot se vrou, moet jy nie omdraai en terugkyk na die dinge van die wêreld nie. Al daardie tipes en skaduwees is volmaak. Sien? Onthou vir Eva. Onthou Lot se vrou. Onthou Lot self, julle mans. Onthou, Adam het ingegee vir sy vrou; Lot, net so. Wees versigtig. Ek sê julle net, as 'n broer. Dis later as wat julle dink.

161 Kyk na klein Isak wat teen die heuwel opgaan. En hy het agterdogtig geraak. En hy het omgekyk, en hy het gesê: "My vader?"

En hy het gesê: "Hier is ek, my seun."

162 Hy het gesê: "Hier is die hout. En hier is alles, elke ding, die vuur. Maar waar is die lam vir die brandoffer?"

163 Luister na daardie ou pappa, sonder enige bewerasie in sy stem, het hy gesê: "My seun, God sal vir Homself die offer voorsien." Sy enigste seun wat na die slagting toe gaan, maar tog het daardie getroue ou hart geweet dat God nie kan lieg nie.

164 Dis die Saad van Abraham vandag! "Hoe kan dit wees, Broer Branham?" God sal vir Homself voorsien! "Hoe gaan Hy?" Ek weet nie. Maar Hy's Jehova-Jireh!

165 Die bopunt van die heuwel bereik, die klip nadergerol. Die hout op die klippe gesit, en dit aangesteek met die vuur. Gesê: "Isak, my seun, draai om." Hy het die tou om sy middel afgehaal, en sy hande en sy voete vasgemaak. Isak, gehoorsaam, soos Christus was, tot die dood. Hom op die blok neergelê. Sy hand uitgesteek onder in sy skede en die groot mes uitgetrek; dit 'n paar keer geslyp, terwyl hy opkyk in die lug.

166 "Hy het nie getwyfel aan die belofte van God deur ongeloof nie, maar was sterk, in die wete dat hy hom ontvang het soos een uit die dood; ten volle oortuig dat, as God so gesê het, vir hom om dit te doen, Hy hom kon opwek uit die dood uit." Dis Abraham, en dis sy Saad na hom. As dit die natuurlike saad was, wat behoort die koninklike Saad te wees? Nie twyfel nie! Wat

God sê, sal God doen. In die wete, dat hy ten volle oortuig was, dat wat God belowe het, God in staat was om te doen.

167 Die mes geslyp; klein Isak se donker ogies wat daardie groot, skerp lem dopgehou het soos dit oor die klip gaan. Uitgereik na agter; die krulle uit sy gesig gevee, sy kennetjie agteroor getrek. Opgestaan, en die trane wat afgeloop het teen sy gesig soos daardie. In die wete, en hy het nie getwyfel aan die belofte van God nie! Sy hand opgelig om die mes in sy eie seun se keel te steek.

168 En toe hy het, het die stem van God uitgeroep, en sy hand gevang, gesê: "Abraham! Abraham, moenie jou hand uitsteek nie! Ek weet nou dat jy My liefhet." Wat het Hy gedoen? 'n Getuienis gegee aan die Saad van Abraham, na hom. "Moenie jou hand uitsteek nie, moenie hierdie kind seermaak nie! Ek weet dat jy My liefhet."

169 En omtrent daardie tyd, het Abraham iets agter hom gehoor. En hy het gekyk, en daar was 'n ram (dis 'n mannetjie skaap) wat se horings vasgehaak het in die onkruid en bosse. En Abraham het gegaan en die ram gekry en dit doodgemaak, in plaas van sy seun.

170 Waar het daardie ram vandaan gekom? Hy's 'n honderd myl van die beskawing af. Wel, die wilde diere sou dit doodgemaak het as hy daaragter was. Sekerlik, dis 'n—dis 'n mak dier. Waar het hy vandaan gekom? En, behalwe dit, dis ver bo-op die berg, waar daar geen gras of water is nie. En Abraham het oral klippe opgetel, waar dit was, om die altaar te maak. Waar het dit vandaan gekom? Dit was nie 'n visioen nie; dit het gebloei. 'n Visioen bloei nie. Halleluja! Jehova-Jireh het vir Homself 'n offer voorsien!

171 Wanneer God op Sy Woord geneem word, is Hy in staat om te voorsien wat Hy ook al nodig het. God, Jehova-Jireh, is steeds Jehova-Jireh vanaand. Hy het alreeds 'n Offer voorsien. Hy het 'n Kerk voorsien. Hy het 'n Boodskapper voorsien, die Heilige Gees. Hy's nou hier, Jehova-Jireh. Die Here het vir Homself 'n Bybel voorsien, 'n Gees, 'n Kerk, 'n Boodskap, 'n Boodskapper. En die uur is nou hier vir die Kerk om weggeraap en huis toe geneem te word. Jehova-Jireh sal die vermoë voorsien om daardie Kerk uit hierdie wêreld uit te neem, deur hierdie swak liggame van ons te transformeer, en hulle in die Heerlikheid in op te neem. Jehova-Jireh! Hoe sal dit gebeur in 'n moderne dag soos waarin ons lewe, dat hierdie dinge sal wees?

172 Ek en Billy, my seun, waar hy ook al is, was net onlangs in Indië. En ek het 'n koerant opgetel. . . Toe ek van die skip afgekom het, het duisende daar gestaan met blommekranse by die hope. Toe ons oorkant by die Taj Motel gekom het, het hulle 'n koerant gehad wat daar gelê het, in Engels. En ek het 'n groot berig daarin gesien, gesê: "Dit moet 'n teken wees dat die

aardbewing verby is." Wat was fout? Wel, omtrent drie of vier dae voor die groot aardbewing waarvan julle gelees het, het al die voëltjies wat in die rotse gebly het . . .

173 In Indië, het hulle nie heinings soos ons in Kalifornië het, die Verenigde State nie. Hulle maak heinings van klippe wat hulle optel. En die voëltjies bou hulle neste daarin. Hulle maak hoë torings, en voëls maak hulle neste daarin. En al die voëltjies het uit die mure uit weggevlieg, 'n paar dae voor die aardbewing gekom het. En in die aandtyd of . . . In die middel van die dag, wanneer dit warm word, sal die skape en beeste in die skadu van die muur en die toring staan, om uit die warm son te bly.

174 Maar vir twee dae, het die beeste en die skape nooit na die muur toe gekom nie. Hulle het buite in die middel van die veld gestaan en teen mekaar geleun, vir ondersteuning. Toe het die aardbewing gekom, daardie mure omgeskud. En toe het die voëltjies begin terugkom, die beeste uit die veld uit. Wat was dit? Dieselfde God wat die skape en die beeste, en die voëls, na die ark toe kon roep, het gewys dat Hy dieselfde God is vandag, wat Sy diere kan wegroep.

175 En as Hy 'n dier kan lei deur instink, hoeveel te meer behoort die Kerk van God weg te kom van hierdie groot mens-gemaakte mure van doktrine van die kerk. Babilon gaan val, een van hierdie dae. Jehova-Jireh het Self vir jou 'n Rusplek voorsien. Vlieg weg van die torings van die wêreld!

176 Vlieg weg van die glans van Hollywood! Die kerke probeer hulle naboots, skyn. Die Evangelie skyn nie. Hollywood skyn; die Evangelie gloei. Hollywood skyn met glans. Die groot kerk skyn met geleerdheid. En die Kerk van die lewende God gloei met nederigheid en goedheid, en die Heilige Gees. Daar is 'n groot verskil tussen 'n gloed en 'n glans.

177 Hy's nou hier. Jehova-Jireh het vir Homself voorsien. "God is in staat om uit hierdie klippe kinders van Abraham op te rig." As die denominasies Dit nie wil aanvaar nie, kan God Sy kinders van die strate af bring, prostitute uit die herberge. Hy kan enigiets oprig wat Hy wil. Maar as God 'n Boodskap voorsien het, is daar iewers iemand om Dit te ontvang. Jehova-Jireh! Die Here sal vir Homself 'n Boodskap voorsien. Die Here sal vir Homself 'n Boodskapper voorsien. Die Here sal vir Homself voorsien, op Sy Eie manier, die tekens aan die Kerk; nie aansluiting, julle name op boeke sit nie.

178 Ons hoor soveel vandag van besluite, soveel besluite. Wat help dit om klippe op te stapel as jy nie 'n messelaar daar het om hulle te kap en hulle te vorm in seuns en dogters van God nie? Wat help dit om groot denominasies te hê wat opgebou is tot in die duisende, as daar nie iemand daar is met die skerp tweesnydende Swaard van God om hulle te vorm in ware kinders van God nie? Kan hulle net so wel los waar hulle is. Amen. God (nie Metodis,

nie as Baptis, Katoliek nie), God het vir Homself 'n Mes voorsien om uit kinders van God, seuns van God te vorm. Amen. *Jehova-Jireh*: "die Here sal vir Homself voorsien." En Hy het! Glo Hom, en lewe.

Kom ons buig ons hoofde net 'n oomblik.

179 Genadige God, die ewiglewende God, wees ons nou genadig, en gee ons van U genade. Ons is onwaardig, Vader, van enigiets wat U vir ons sou doen. Maar ons bely nie dat ons waardig is nie, maar ons antwoord net op 'n roeping van God. Ons bid, Vader, dat U ons vanaand sal vorm in klippe wat in die Tempel van God sal pas vir die groot Koms van die Here Jesus na Sy Tempel toe. Skenk dit, Vader. Vergewe ons sondaars vir ons tekortkominge. Openbaar U Woord aan ons. Wys vir ons die Weg om in te wandel. Leer ons, O Vader, God. Mag ons Dit ontvang. En as dit teenstrydig is met die Woord, weet ons dat dit die verkeerde leraar is. Die Heilige Gees is ons leraar. Hy het die Woord geskryf, en Hy sal nie enigiets anders as die Woord leer nie. En ons bid dat Hy dit sal manifesteer aan ons vanaand, in ons hart. Skenk dit, God.

180 Nou met ons hoofde gebuig, ons oë toe. Die genade van God rus op ons, is my nederige en opregte gebed. Glo nou net. Moenie twyfel nie.

181 Is daar enige in die gebou, wat ek weet daar is, mans en vroue wat Hom nie ken nie, nog nooit Sy voorsiende Offer, die Here Jesus, as julle Verlosser aanvaar het nie? Julle ken Hom nie? Julle mag dalk intellektueel so dink. Maar 'n mens kan God nie sien totdat hy wedergebore is nie. *Sien* beteken nie. . . Jy sien nie met jou oë nie; jy kyk met jou oë. *Sien* is om te "verstaan." Jy kyk reguit Daarna, en sê: "Ek sien dit nie," jy bedoel jy "verstaan dit nie." Jy sal nooit weet waarvan ons praat totdat jy wedergebore is nie. Julle het nog nooit daardie ondervinding gehad nie? Met julle hoofde gebuig nou, en julle oë toe, sal jy jou hand opsteek, en sê: "Broer Branham, onthou my in gebed vanaand. Ek glo dat ons ons laaste Boodskap ontvang. Die dag gaan vinnig verby. En ek het gesien dat, wat jy in die Bybel gesê het, waar is, want ek het die Bybel gelees. Ek glo dis die uur wat ons nou moet kom. En, vir my, ek neem nou my standpunt in vir Christus"?

182 God seën jou. God seën jou. God seën jou. God seën jou. God seën jou. God seën jou, jou. Goed. Bo in die gallery, die hande! Steek net jou hand op, sê: "Vir my, soos Josua gesê het: 'Vir my en my huis, ons sal die Here dien.'" Goed, nog iemand? Ek wag net. God seën jou daaragter. Ek sien jou hand. God seën jou daarbo. God seën jou. Hy sien jou. Ver bo in die gallery, God seën jou daarbo, meneer; die grootste ding wat jy ooit in jou lewe gedoen het. Reg in die middel gallery, steek iemand jou hand op daarbinne. Miskien het ek nooit 'n hand gesien daarbinne nie, dit mag. . . Iemand in die middel gallery aan die bokant? Steek

jou hand op, en sê: "Broer Branham, vir my, ek's. . . Ek wil Hom dien. Ek—ek's opreg." God seën jou. God seën jou. God seën die klein mannetjie. In die gallery aan die regterkant, steek iemand jou hand op daar, en sê: "Broer Branham, ek, vir my, ek weet dis reg. Ek's. . . Ek ken God nie, maar ek wil Hom ken. Ek wil seker wees. Ek sien ek kan nie bekostig om 'n kans te vat nie. Ek kan nooit weer terugkom nie."

183 "Die kant waarnatoe die boom leun, dis die kant waarnatoe dit val," sê die Skrif. Moenie na die kant toe val wat die verkeerde kant is nie. Jy kan dit regmaak vanaand. Onthou, solank daar 'n Ewigheid is, en dit het nooit begin nie en sal nooit eindig nie, maar jy word deel daarvan, jy sal ly of jy sal in vreugde lewe. Hoe weet jy jy gaan lewe tot jy by die huis kom?

Jy sê: "Ek's baie jonk."

184 Ek het pas 'n boodskap gekry, 'n rukkie gelede. 'n Jong dame daar in my staat, wat net die verkeerde pad gevolg het, sigarette begin rook het. Sy is van God vertel, maar sy wou nie luister nie. Sestien jaar oud, sy het gekom van haar. . . nee, agtien jaar oud, pas uit 'n hoërskool opvoeding gekom. En is vertel, het die regte ding probeer doen. Maar sy het met die verkeerde groep begin saamgaan, weerlig het haar oombliklik doodgemaak.

185 Net onlangs, het 'n swart man in Shreveport opgestaan en gesê: "Daar is glad nie so-iets soos God nie." Net godslasterlik gepraat, gesê: "Hulle is niks anders as net 'n klomp holy-rollers nie." Weerlig het hom doodgemaak. Hulle het hom na die graf toe geneem. En toe hulle daardie man begrawe het, het daar 'n wolkie opgekom, en weerlig het die kis getref en hom reg uit die kis uitgeslaan.

186 Jehova God raak kwaad. Ek weet Hy is 'n goeie God, maar Hy's 'n God van oordeel, ook. Hy kyk steeds, Hy weet.

187 As jy sonder God is, steek jou hand op, sê: "Onthou my, Broer Branham, terwyl jy bid." God seën jou, dame. God seën jou, seun. Dis reg, kom reguit vorentoe. God seën jou. Dis reg, jongman. God seën jou daaragter. Vra vir julle Almagtige God.

188 Ons Hemelse Vader, U het hulle nou gesien. U weet dat daar twintig of dertig hande op was, dat hulle U as hulle Verlosser wil hê. God, skenk dit net nou. Ek gee vir hulle hierdie Woord. U het Self gesê: "Hy wat My Woord hoor." Ek het die beste gedoen wat ek kon Daarmee, Here. "Hy wat My Woorde hoor en in Hom glo wat My gestuur het, het Ewige Lewe, en sal nie in die oordeel kom nie, maar het oorgegaan uit die dood in die Lewe." Wat 'n wonderlike ding om daaraan te dink! As daar opregte harte agter daardie hande was, wat dit regtig bedoel het, het iets so pas gebeur. Nou U het gesê: "Hy wat My voor die mense sal bely, hom sal Ek voor My Vader en die heilige Engele bely." Laat hulle weet dat U hier is, Here. Ek bid dat U dit sal skenk. Hoor ons. Ons is U diensknegte, Here. In Jesus' Naam.

189 Goed, lig op julle hoofde. Glo julle Hy is Jehova-Jireh? [Gemeente sê: "Amen."—Red.] Glo julle dat ons in die dae is soos dit was in die dae van Lot? ["Amen."] Die dae van Noag? ["Amen."] Onthou die laaste Boodskap?

190 Is daar iemand hier vir die eerste keer? Steek jou hand op. Baie! Ek reken Broer Borders het aan julle verduidelik. Julle het tevore van die byeenkoms gehoor, wat gebeur. Steek op julle hande, as julle het; as julle dit nog nooit gesien het nie, dit net gehoor het. Goed. Nou ek's 'n vreemdeling vir die mense hier.

191 Party van julle mense met probleme, bid tot God, en sê: "God, wees my genadig, ek is siek. Broer Branham ken my nie. Maar ek hoor dat U 'n Hoëpriester is, wat aangeraak kan word deur die gevoel van ons swakhede." Hoeveel weet dit? [Gemeente sê: "Amen."—Red.] "En Hy is dieselfde gister, vandag, en tot in ewigheid." Weet julle dit? ["Amen."] Wel, nou, as Hy dieselfde Hoëpriester is, hoe sou Hy optree as jy Hom aangeraak het? Net soos Hy het toe die vrou, met die bloedvloeïng, Hom aangeraak het. Hy het omgedraai en vir haar gesê wat haar bloedvloeïng was, en vir haar gesê haar geloof het haar gered. Is dit reg? Hy's dieselfde Een vanaand, as julle Hom op dieselfde manier kan glo as wat Hy toe was. Glo julle Hom op daardie manier?

192 Nou kyk hier, na my toe. Soos Petrus en Johannes gesê het by die Skone Poort: "Kyk na ons." Dit was nie "kyk na hulle" vir enigiets nie, maar: "kyk na wat hulle gesê het."

193 Kom ons begin van *hier* oorkant iewers af. Kyk hiernatoe, en glo met jou hele hart. En sê: "Here Jesus, ek glo U, en ek wil U kleed aanraak. Praat U met Broer Branham, en laat hom weet wat my probleem is. Ek sal U glo as U dit sal doen." Sal julle dit doen?

194 Nou hier is 'n uitdaging. Hoe sou ek waag om so-iets te doen? Daar sou iets verkeerd wees met my, om so 'n uitdaging te maak. Ek het daardie uitdaging gemaak voor 'n halfmiljoen mense, op 'n keer, kon nie eers hulle taal praat nie. Maar Hy het my nog nooit gefaal nie. Hoekom? Hy het dit belowe! Hierdie is die laaste dae, en Hy het hierdie belowe, en hier is dit.

195 Ek weet, vriende, julle het baie gehad wat julle seergemaak het. Julle het baie vleeslike nabootsing gehad. Maar laat ek net een ding vir julle sê, nie tot my voordeel nie, maar tot julle eie voordeel. Hulle het dit altyd. Maar God het nog nooit twee op aarde op dieselfde tyd nie, het nog nooit gehad nie. Maar onthou net, daar is baie nabootsings, maar daar is 'n ware God. Daar is 'n ware Heilige Gees. Daar is 'n ware Boodskap van God, en dit is dat Jesus Christus gesterf het vir sondaars, weer opgestaan het uit die dood uit, en weer teruggekeer het in die Persoon van die die Heilige Gees, om dieselfde werk te doen in die Kerk wat Hy gedoen het toe Hy hier was.

196 Nou, sê die Woord van God dit nie? In Hebreërs, het Dit gesê, die 4de hoofstuk, het die Bybel gesê dat: "Die Woord van God skerper is, magtiger as 'n tweesnydende swaard, wat deurdring," dit sny met die kom en gaan: "en selfs tot die murg van die been, en 'n Onderskeier van die gedagtes en oorlegginge van die hart." Is dit reg?

197 Dis hoekom Jesus voor die gehoor kon staan en vir hulle vertel. Daardie Fariseërs het gesê: "Hy's Beëlsebub." Jesus het omgedraai. Hulle het dit nie hardop gesê nie, maar Hy het vir hulle gesê. Dis hoekom Hy vir die vrou van haar bloedvloeïng kon vertel. Vir die vrou kon sê sy het mans gehad; en toe sy dit gedoen het, toe het Hy gesê: "Wel, dis die teken van die Messias."

198 Julle sien nou die terugkeer, die verskyning van die Messias onder die mense. Dis die Heilige Gees wat die Kerk gereedmaak.

199 Ek wil hê julle moet julle koppe draai. Sien julle daardie vroutjie wat daar uitreik, wat weer opstaan, wat reg hieronder sit? Sien daardie Lig oor haar? Sy ly aan hoë bloeddruk. Dis reg. Het 'n blou rok aan, dra soort van 'n bril op haar gesig. Vir die laaste sekonde, of twee, het sy 'n vreemde warm gevoel om haar gevoel. Dis reg. Nou het jou hoë bloeddruk, wat jou so erg gepla het, jou verlaat. Aanvaar jy dit? Steek op jou hand as jy dit doen.

200 Wat het sy aangeraak? Die Hoëpriester. Nou gaan, vra vir die dame. Ek het haar nog nooit in my lewe gesien nie. Ek weet nie een ding van die vrou af nie; maar, dis waar. Ek het daardie Lig dopgehou soos Dit oor hierdie gehoor beweeg het, reguit oorgegaan en teruggekom het, 'n gloeiende Lig.

201 Glo jy? Artritis, blaasprobleem, komplikasies, senuweeagtig, swakheid. Dis reg. Jy's nie van hier nie. 'n Plekkie genaamd West Point. Dis reg. Glo jy God kan vir my sê wie jy is? Mej. Hardwick. Dis reg. As dit reg is, staan op jou voete. Dit het jou verlaat. Jesus Christus maak jou gesond.

202 Glo julle? [Gemeente sê: "Ja."—Red.] Die mense kyk agtertoe, daarvoor. Hier sit die dame net hier. Kyk, daardie Lig wat steeds oor haar bly. Sien julle Dit nie? Hier is Dit. Kyk.

203 Daar is Dit, by daardie man wat net daar sit en na my kyk. Artritis. Glo met sy hele hart, God sal jou ook gesond maak, meneer. Ons is vreemdelinge vir mekaar, maar nie vir God nie.

204 Hierdie dame reg hieragter, wat 'n hoofpyn het. God, moenie dat sy dit mis nie. O God, asseblief. Mej. Morton, glo aan die Here Jesus Christus. Hy het jou genees van daardie hoofpyn. Sien, Hy wou haar nie laat verbygaan nie. Ek wil vir jou iets vra. Gisteraand, toe ek met iemand gepraat het in die gebou oor hulle hoofpyn, het jy 'n baie snaakse gevoel gehad, en jy het gewonder of dit jy was, of nie. Is dit nie reg nie? Steek jou hand op. Ek lees nie jou gedagtes nie, maar ek sê vir jou wat jy gedink het. Dis reg. Vandag wou Hy seker wees dat dit jy was. Dit sal jou nou verlaat, jou geloof het jou gered. Halleluja.

205 Kyk na hierdie dame wat hier sit, 'n geruite rok aan. Het jy 'n gebedskaart, dame? Kyk na jou eie. Glo jy die breuk sal jou verlaat, dat jy gesond gemaak sal word? Jy glo? Steek jou hand op as dit is wat verkeerd is met jou. Goed. Glo met jou hele hart en word genees. Sien wat vir my is?

206 Die dame reg agter haar, het haar hand opgesteek, met 'n klein . . . nee, tweede daaragter, met 'n groenerige rokkie aan, wat ly aan hartprobleme. Ja. Glo jy dat God jou sal genees? Dis goed, gaaf. Hy sal, as jy dit net sal glo.

207 'n Dame, tweede van jou af, Mev. Dillman daar. As jy glo dat God jou sal genees van daardie maagprobleem. Mev. Dillman, glo, en jy sal jou maag hê. Dis 'n senuweeagtige maag. Dit was 'n lang tyd met jou, veral van menopouse af is dit al op jou. Jy het baie dinge gehad wat jou baie probleme gegee het, maar dis nou alles verby. As daardie dinge waar is, wuif net jou hand vir die mense, sodat hulle kan sien. As ek vreemd is vir jou, hou aan om jou hand te wuif. Jesus Christus maak jou gesond.

208 Glo julle? [Gemeente sê: "Amen."—Red.] Wat is dit? Jehova-Jireh, die Here voorsien vir Homself 'n Offer! Nou word die hele gehoor soort van 'n wasigheid vir my. Jehova-Jireh het 'n Offer voorsien vir elkeen van julle. Glo julle dit?

209 Nou julle hier wat julle hand opgesteek het, kom hiernatoe en staan 'n oomblik hier. Sal julle dit doen? Jehova-Jireh het 'n Offer voorsien. Julle het julle hand opgesteek, dat julle dit geglo het. Julle het hier gesien, en weet. Onmoontlik . . . Dis Iets! Kyk na hierdie mense, hoeveel geroep is. Ek weet nou nie. Miskien sewe, agt of tien, wat dit ook al was, wat geroep is. Dit kan net bly voortgaan. Maar terwyl ek krag het, wil ek hê julle moet kom, Christus aanvaar as julle Verlosser. Sal julle nou opstaan en kom, terwyl ons sing: "Ek kom, Here, kom nou na U"? Sal julle nou opstaan en hiernatoe kom, julle wat 'n rukkie gelede julle hand opgesteek het? En om die altaar staan hier, en wys dat julle nie skaam is vir Christus nie. Julle is in Sy Teenwoordigheid. Kom nou, en bewys aan die mense dat julle dit regtig bedoel het, dat julle onthou wil word deur God, en julle Hom aanvaar het as julle Verlosser. Kom nou hiernatoe, terwyl ons almal staan en sing.

Ek kom, Here!
Kom nou na U!
Was my, reinig my in die Bloed
Wat gevloei het van Gólgota!

210 Kom nou uit, kom reguit af hiernatoe. Ons gaan bid. Julle sal nooit nader aan Hom wees wanneer julle weggaan nie.

Kom nou na U!
Was my, reinig my!

211 Kom reguit af uit die gallery. Dis reg. Kom reguit af, staan net hier. Wees 'n . . . Nou, Hy het gesê: "As julle My voor die mense sal bely, hom sal Ek bely voor My Vader. Maar as julle skaam

is vir My, sal Ek skaam wees vir julle," onthou, die Bybel, van Génesis tot in Openbaring. Kom nou, jonk en oud. Sal julle kom? Kerklidmaat, of nie, kom nou. Sal julle? Aanvaar Christus terwyl julle in Sy Teenwoordigheid is.

Ek kom, Here!
Kom nou na U!
Was my, reinig my in die Bloed
Wat gevloei het van Gólgota!

212 Hou net aan sing. [Broer Branham begin neurie: "Ek kom, Here."—Red.]

213 Luister. Glo julle ek is Sy profeet? Ek het dit nog nie vantevore bely nie. Ek glo ek staan by mense wat verstaan en weet wat ek vir julle probeer bring. Daar's mense hierbinne wat Christelikheid bely, wat net *hier* behoort te wees. Kom, sal julle nie? Laat ek vir julle vra, hoe gaan julle ooit? Julle sal nooit nog 'n teken ontvang nie. Hierdie is Dit. SO SPREEK DIE HERE. Sou 'n profeet van God 'n stelling soos daardie maak as dit nie waar was nie? Julle ontvang julle grootste teken, en julle laaste teken, voor die verskyning van Christus. Kom! Die rede waarom ek hierdie dinge sê, ek het dit nog nooit in enige ander byeenkoms gesê nie, ek het gevoel net hier is die geleentheid hier dat iets kan gebeur. Dis hoekom ek dit so sê. Ek glo julle verstaan. Julle sal nie rondgaan, een of ander sekte maak, sê: "Broer Branham is 'n god," of so-iets nie. Julle verstaan waarvan ek praat. Kom nou. Kom. Laat ek julle oortuig, in die Naam van Christus. Kom!

214 Julle wat nie weet waar julle staan nie, julle is nie seker daarvan nie, net 'n intellektuele, of een of ander soort van 'n emosionele; julle het gehuil, julle het geween, of julle—julle het een of ander sensasie gehad. Moenie Daar probeer kom daarmee nie. Onthou, ek sê julle in die Naam van die Here, dat julle verlore is, ellendig verlore, en dit nie weet nie. Moenie 'n kans vat nie, vriend. Ek saai net saad, en trek die net. God vat die oes. Ek weet nie.

215 Kom ons buig ons hoofde, kyk of Hy my nie sal sê nie. ['n Suster praat in 'n ander taal, en gee dan die uitleg—Red.] Julle hoor dit.

Kom nou na U! (Ondersoek jou eie hart)
Was my, reinig my in die . . .

216 Kerklidmaat. As ek daar gestaan het, en maar net 'n ondervinding gehad het van by die kerk aan te sluit . . . ? . . . Sou ek my pad hierheen vind net so gou as wat ek kon.

217 Onthou, die Gees getuig dat ons aan die einde is. Wetenskap het gesê: "Dis drie minute voor middernag." Die Boodskap en die Bybel sê: "Hier is dit, die laaste ding!" Die herlewing eindig. Die deur gaan toe. Jy sal aan die buitekant wees, aan die klop, en nie kan inkom nie. Kom!

God seën jou, jongdame. Nou, het julle dit gesien?

Ek kom, Here!
Kom nou . . .

218 God seën jou. Dis reg, meneer. Dis die manier, kom reguit af uit die gallery. Kom in rye.

219 Hier's die Woord, hier's die bewys. Daar's die Gees, daar's die getuie. En hier kom die mense, om te wys dat ons hier aan die endtyd is.

Ek kom, Here!
Kom nou na U!
Was my, reinig my in die Bloed
Wat gevloei het van Gólgota.

Ek kom, Here!

220 Wag, roep sommige in. "Nie gewillig dat enige moet verlore gaan nie; almal tot bekering mag kom." "Kom," gesê: "na My toe."

221 As jy twyfel in jou gemoed gehad het. Moet seker wees, vriende. Geloof is volmaak.

. . . van Gólgota!

. . . Here!
Kom nou na . . .

222 Omtrent, vyftig tot vyf-en-sewentig mense vergader. Kom nou. Laat die res wat moet kom. Hou net 'n bietjie langer nou. Want, môre gaan oor Goddelike genesing wees. Die Heilige Gees het met my gepraat, 'n rukkie gelede: "Moenie daardie ry roep nie. Roep die altaar." Ek sal Hom gehoorsaam en doen soos Hy vir my sê. Ek weet beter as om dit nie te doen nie.

Kom nou na U!
Was my, reinig my in die Bloed
Wat gevloei het van Gólgota.

Met ons hoofde gebuig nou, terwyl ons wag.

223 O God, laat die Heilige Gees inbeweeg op diegene. Hulle wat wag om voor by die altaar te kom, mense nou na die seëning toe lei. En—en mag die Here God dit skenk. Gees van God, wat spreek.

224 Beweeg in, beweeg in. Kom naby nou, almal. "Elke siel, deur sonde onderdruk, daar's genade by die Here." Kom nou. "Kom onder die reinigende vloed, verloor elk' sondevlek. Daar is 'n Fontein gevul met Bloed, getrek uit Emmánuel's aar." Eerbiediglik.

225 Voel daardie vrede oor die diens nou? Wat is dit? Dis die dood, dood vir sondaars. Nou beweeg persoonlike werkers nou onder hulle in nou. Dis die dood, hierdie mense sterf. Bybels is uit, hulle verduidelik. Die dood gaan aan rondom die altaar, en nuwe Lewe sal kom na die dood.

Daar is 'n Fontein gevul met Bloed,
Getrek uit . . .

O, hoe jy dit eendag wil hoor, die dag wanneer jou pols ophou klop!

En sondaars gedompel onder die vloed,
Verloor elk' sondevlek.
Verloor elk' sondevlek,

Dis reg, jongkêrel. Seën jou hart. Dis waarvoor Hy gewag het.

En sondaars gedompel onder die vloed,
Verloor elk' sondevlek.

226 Nou laat die Christene, wat onderrig is, opbeweeg terwyl ons die volgende vers sing. "Die sterwende dief was bly om te sien, die Fontein daar in sy dag; en daar kan ek, tóg sleg soos hy, my sonde weg kom was." Laat die onderringtingsmense nou naderkom. Julle wat nie die doop van die Heilige Gees het nie, beweeg nou nader. Julle weet nie wat God binne 'n oomblik kan doen nie. Beweeg nou nader, terwyl ons nou die volgende vers sing.

Die sterwende dief was bly . . . (die Woord gemanifesteer)
Fontein daar in sy dag;

O, dis gaaf, beweeg nou reguit uit. Kom terwyl die Water geroer word.

. . . ek, en sleg soos hy,
My sonde weg kom was.
My sonde weg kom was,
My sonde weg kom was;

227 Dis reg, werkers. Kom net nader. Kom al daardie nou nader vir die roer van die Water. Kom net nader.

. . . sleg soos hy,
My sonde weg kom was.

228 Nou julle wat wil bid, beweeg nou nader, en maak gereed. Ons gaan glo dat God gaan, hierdie gaan erken. Hy moet! Die einste God wat die gedagtes van die hart kan onderskei! Onthou, Jesus het dit net een keer in 'n stad gedoen. Maar Hy het gesê: "Meer as hierdie, sal julle doen." Sien, Sy Skrif reg bewys! Beweeg nou nader. Kom ons bid nou almal vir hierdie mense wat hier is. Elke persoon wat weet hoe om te bid. Hoeveel wedergebore Christene is in die gebou? Steek julle hand op. Nou laat ons elkeen ons hande opsteek en dankie sê vir hierdie mense.

229 Ons Hemelse Vader, ons dank U vir hierdie mense. Hulle is U s'n. Hulle kom, om te bely. Hulle kom om uit te sterf vir self en sonde. Hulle gaan terug, nuwe skepsels in Christus.

230 Satan, jy het die stryd verloor! God is Jehova-Jireh! Die Here het 'n Offer voorsien, 'n volk voorsien, 'n altaar-oproep voorsien, die Boodskap voorsien, genade voorsien. En Satan het die stryd verloor, in die Naam van Jesus Christus het hy die stryd verloor!

JEHOVA-JIREH 3 AFR62-0707
(Jehovah-Jireh 3)
JEHOVA-JIREH REEKS

Hierdie Boodskap deur Broer William Marrion Branham, oorspronklik gelewer in Engels op Saterdagaand, 7 Julie 1962, by die Munisipale Ouditorium in Grass Valley, Kalifornië, V.S.A., is geneem vanaf 'n magnetiese bandopname en onverkort gedruk in Engels. Hierdie Afrikaanse vertaling is gedruk en versprei deur Voice Of God Recordings.

AFRIKAANS

©2018 VGR, ALL RIGHTS RESERVED

VOICE OF GOD RECORDINGS, SOUTH AFRICA OFFICE
58 DISA ROAD, ADMIRAL'S PARK, GORDON'S BAY 7140 WESTERN CAPE
REPUBLIC OF SOUTH AFRICA

VOICE OF GOD RECORDINGS
P.O. BOX 950, JEFFERSONVILLE, INDIANA 47131 U.S.A.
www.branham.org

Kopiereg kennisgewing

Alle regte voorbehou. Hierdie boek mag gedruk word op ‘n tuisrekenaar vir persoonlike gebruik of om uitgegee te word, gratis, as ‘n middle om die Evangelie van Jesus Christus te versprei. Hierdie boek kan nie verkoop word, op groot skaal gereproduseer word, op ‘n webtuiste geplaas word, in ‘n opsoekstelsel geberg word, vertaal word in ander tale, of gebruik word om fondse in te samel, sonder die uitdruklike geskrewe toestemming van Voice Of God Recordings®, nie.

Vir meer inligting of vir ander beskikbare material, kontak asseblief:

Voice Of God Recordings
P.O. Box 950, Jeffersonville, Indiana 47131 U.S.A.
www.branham.org